UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 6

# Die kerkreg en kerkregering van Reformed Church in Africa

# (1916-2008)

## 6.1. Algemene Inleiding

In Hoofstuk 6 word die kerkregtelike ontwikkeling en selfregering van die Nederduitse Gereformeerde Indiërkerk, later genoem die Reformed Church in Afrika (=RCA),[1] behandeling. Onder andere word Die selfstandigheid van die plaaslike kerk 1916-1994 en Die stryd om kerkeenheid 1970-2007 bespreek. Die eerste Algemene Sinode van die NGK het in 1962 die sendingwerk onder die Indiërs in die hele Republiek as deel van sy sendingaksie aanvaar. Aan die Algemene Sinodale Sendingkommissie (=ASSK) is die opdrag gegee om weë en middele te vind, asook die nodige masjinerie daar te stel vir die behoorlike nakoming van al die verpligting in verband met die bestaande werk en die uitbreiding daarvan (*Acta Algemene Sinode NGK* 1962:137-138, 193).

Na aanleiding van die besluit was 'n subkommissie vir Indiërsending benoem aan wie opgedra was om 'n Konsepgrondwet of Kerkorde vir Indiërsending vir die daaropvolgende Sinode voor te berei. Op die Algemene Sinode van die NGK (1966) is besluit om oor te gaan tot kerkstigting onder die Indiërgemeentes van Transvaal, Kaapland en Natal en hul in een kerkverband te verenig (*Acta NGK* 1966:215 en 521). Die Algemene Sinode van die NGK (1966) het die Konsepkerkorde vir die Indiër Gereformeerde Kerk as die amptelike stuk vir die Konvensie van die Indiërkerk

[1] Sedert 1976 staan die Indian Reformed Church bekend as die Reformed Church in Africa (RCA).

goedgekeur (*Acta NGK* 1966:215, 466, 521, 562). In 1966 het die Algemene Sinode slegs die verantwoordelikheid oor die toesig en beleid van die Indiërsending in die Republiek aanvaar (*Acta NGK* 1966:440 en 453). ’n Breë subkommissie vir Indiërsending onder die Algemene Sinodale Sendingkommissie (ASSK) was benoem (*Acta NGK* 1966:193). Die Sinodes wat sendingwerk onder die Indiërs teen 1960 gedoen het, was Natal vanaf 1946 (Pietermaritzburg, Durban, Harding, Colenso, Greytown en Glencoe); Suid-Transvaal vanaf 1955 (Krugersdorp, Lenasia, Johannesburg, Germiston, Benoni, Springs en Vereniging); Kaapprovinsie vanaf 1960 (Kaapstad, Kimberley, Uitenhage en Port Elizabeth); Noord-Transvaal vanaf 1964 (Pretoria) (*Acta NGK* 1966:195). Daar was teen 1966 ses sendelinge en vier evangeliste werksaam onder die Indiërs. Teen 1965 was daar twee Indiërgemeentes in Natal, een in die Transvaal en een in Kaapprovinsie gereed vir die stigting van ’n afsonderlike kerk vir Indiërs. Die Indiërgemeentes is skriftelik deur ds J Pretorius (sameroeper) opgeroep tot die Konvensie en die Stigtingsinode van die Nederduitse Gereformeerde Indiërkerk op 27 Augustus 1968 om 11 vm in die kerkgebou te Delhiweg 68, Rasethorpe, Pietermaritzburg. Die kerkraadslede moes hul afgevaardigdes na die Konvensie met ’n geloofsbrief magtig om na die aanvaarding van die Konsepkerkorde, as Sinode te konstitueer (*Acta Indian Reformed Church* 1968:23). ’n Oproep tot die Konvensie en Sinode het ook in die Kerkbode van 12 Junie 1968 verskyn. Die Kerkrade van die onderskeie Indiërgemeentes, te wete Pietermaritzburg, Transvaal, Durban-Suid en die Kaapprovinsie het skriftelik toestemming verleen vir die byeenroeping van die Konvensie en Sinode (*Acta Indian Reformed Church* 1968:21).

## 6.2. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk (1916-2008)

### 6.2.1. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk

Die sendingkerk onder die Indiërs het oorspronklik begin as ’n formele sending van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (=NGK) asook deur middel van informele sending, gedoen deur lidmate van die NGK onder die Indiërbevolking. In die Kaapprovinsie het die NGK vir dr Gerdener in 1916 beroep as sendeling met spesiale opdrag om die Moslemgemeenskap in Kaapstad te bedien. Teen 1960 was ds D J Pypers beroep om onder die Moslem en Indiërgemeenskap te werk. In 1946 is met sendingwerk onder die Indiërbevolking in Natal begin. Die eerste gemeente in Natal was in 1957 gestig en toe was ook die eerste sendeling bevestig. In 1965 was ’n gemeente in Transvaal gestig. In al drie provinsies was die Indiërgemeentes aanvanklik by die Nederduitse Geformeerde Sendingkerk (=NGSK) ingeskakel.

Die Sinode van die NGK Natal (1951) het besluit om tot afsonderlike sinodestigting vir die Indiërgemeentes oor te gaan. Ook in Transvaal en Kaapprovinsie is besluit om ŉ afsonderlik kerk vir Indiërs te konstitueer. In 1958 is ’n Skakelkommissie uit verteenwoordigers van die Indiërgemeentes uit al drie provinsies, daargestel. Op die Algemene Sinode van die NGK (1962) was besluit om die sendingwerk onder die Indiërs in die hele Suid-Afrika as ’n Algemene Sinodale verantwoordelikheid te aanvaar. Die Sendingkommissie van die Algemene Sinode het aan ’n subkommissie opdrag gegee om ’n Konsepgrondwet of ŉ Kerkorde met die oog op die stigting van ’n Indiërkerk in samewerking met die Indiërs van die onderskeie gemeentes vir voorlegging op die eersvolgende Algemene Sinode voor te berei (Smith 1972:58). Op die Stigtingsinode

van die Algemene Sinode van die NGK in 1966 was 'n konsep kerkorde vir die stigting van die Indiërkerk aanvaar (*Acta NGK* 1966:465-473).

Op 27 Augustus 1968 het die predikante en afgevaardigdes van die 4 Indiërgemeentes, asook verteenwoordigers van die NGK by Raisethorpe, Pietermaritzburg in 'n konvensie byeengekom. Daar was 7 sendelinge en 7 Indiërouderlinge teenwoordig, afgesien van die verteenwoordigers van die NGK. Verteenwoordigers van die Algemene Sinodale Kommissie van die NGK en ander belanghebbende sinodale sendingkommissies het die konvensie in adviserende hoedanigheid bygewoon. Op die konvensie is die kerkorde nadat enkele wysigings aangebring is, aanvaar. Die konvensie het besluit om as Sinode te konstitueer. Op 28 Augustus 1968 het die eerste Sinode van die sendingkerk vir Indiërs bestaande uit die vier gemeentes, naamlik Pietermaritzburg/Durban-Wes, Transvaal, Durban en Kaapprovinsie gekonstitueer. Die sekretaris van die Kerkraad van Pietermaritzburg-gemeente het die notule van die stigtingsvergadering geneem (*Acta Indian Reformed Church* 1968:9). Die Sinode het die konsep kerkorde, soos geamendeer deur die afgevaardigdes, goedgekeur (*Acta Indian Reformed Church* 1968:85 punt 20, *Acta NGK* 1970:315). As die eerste moderatuur is die volgende broeders gekies: di J Pretorius (moderator), D J Pypers (assessor), dr D Du P le Roux (aktuarius) en evangelis E J Manikkam (scriba) (*Skema NGK* 1968:73). Op die Sinode is die wysigings van die Konsepkerkorde aanvaar wat deur die ASSK op die Algemene Sinode van die NGK in 1970 aanbeveel was. Die naam Indian Reformed Church was op die Stigtingsinode aanvaar. Reeds op die Stigtingsinode dui die Indian Reformed Church aan dat wysiging, byvoeging, weglating tot die Kerkorde en reglement van orde

slegs deur hul Sinode met 'n tweederdemeerderheid mag geskied: "All alterations, additions and deletions to the Church Order and Rules of Order may only be made by the Synod on obtaining a two-thirds majority of member present and voting" ( *Agenda NGK* 1970:316). Die Sinode het aan die kommissie vir kerkorde opdrag gegee om die kerkorde in reses te finaliseer (*Acta Indian Reformed Church* 1970:199 punt 6.3).

**6.2.2. Die karakter van die kerkverband**

Die Algemene Sinode van die NGK (1962) het dit aan die Permanente Regskommissie opgedra om die weg tot 'n sinodale kerkverband vir die verskillende Indiërgemeentes aan te wys. Die oudste Indiërsgemeentes, Pietermaritzburg, het die bestaande Indiërgemeentes versoek om skriftelik hul begeerte om in een kerkverband te tree, al dan nie, te kenne te gee (Smith 1972:59). Die Indian Reformed Church is op 27 Augustus 1968 gekonstitueer as 'n kompleet selfstandige kerk en is so deur die NGK erken. Dit blyk uit die feit dat die NGK nie verteenwoordigers op die besluitnemingstrukture van die RCA gehad nie. Die Indiërkerk het sedert stigting ten volle verantwoordelikheid vir die kerk dra. Drie kerkvergaderinge kan in die RCA onderskei word, te wete die Kerkraad, Ring en Sinode. Die supervisie oor, die regering van en die tug in die Kerk word aan hierdie vergaderinge toevertrou. Hierdie vergaderinge het, elkeen na sy eie aard, 'n kerklike gesag deur Christus aan hulle verleen. Die gesag van die Ring oor die Kerkraad is dieselfde as dié van die Sinode oor die Ring (*Acta Indian Reformed Church* Kerkorde 1972:art 18-19). Die kerkverband, wat op basis van vrywilligheid is, word gevorm deur die plaaslike gemeentes en dra 'n federatiewe karakter. Die gesag van die

meerdere vergadering van die RCA word begrens deur die bepalinge van die Kerkorde, wat as akkoord van die kerklike gemeenskap op die Stigtingsinode aanvaar is.

Die Sinodale Kommissie van die Indian Reformed Church het op aanbeveling van ds Pypers besluit om evangelis Edward Jacannathan Manikkam, gebore 30 Oktober 1931, aan wie op 31 Mei 1969 'n evangeliste sertifikaat uitgereik was, as predikant te legitimeer sonder dat hy aan die minimum akademiese vereistes, byvoorbeeld Grieks, Hebreeus, Bybelkunde III, soos vasgestel deur die Algemene Sinodale Sendingkommissie (ASSK) en art 9 van die Kerkorde van die Indian Reformed Church, voldoen het. Die Eindeksamenkommissie van die Indian Reformed Church het evangelis Edward Jacannathan Manikkam se aansoek teengestaan. Die ASSK van die NGK het op sy vergadering gehou 25 tot 26 Maart 1970 met 'n meerderheidsbesluit die Eindeksamenkommissie se aanbeveling tersyde gestel en die versoek van die Sinodale Kommissie van die Indian Reformed Church goedgekeur om aan evangelis Edward Jacannathan Mannikkam *Colloquium Doctum* toe te staan met die versoek dat hy daarnà aan die vereistes deur die ASSK neergelê, sal voldoen (*Skema Indian Reformed Church* 1970:16 asook *Skema NGK* 1970:317-318). Onmiddellik na die bekendmaking van die besluit was skriftelike besware ontvang. Dr C du P le Roux, actuarius van die Indian Reformed Church het die Algemene Sinode van die NGK gevra om uitsluitsel te gee oor die gesag en bevoegdheid van die ASSK ten opsigte van *colloquium doctum* en legitimasie. Hy vra dat die legitimasie van evangelis Mannikkam teruggehou sou word tot uitsluitsel oor die aangeleentheid verkry is. Die Kerkraad van die Indian Reformed Church Durban-Suid het in 'n skrywe gedateer 9 April 1970 beswaar gemaak dat 'n

kommissie van die NGK oor die toelating van leraar besluit het. Die Indian Reformed Church was nie betrokke by die besluitneming nie. Die Kerkraad dui aan dat die besluit van die ASSK 'n gevaarlike presedent in die Indian Reformed Church kan skep (*Skema NGK* 1970:318-319). Die Kerkraad het gevolglik versoek dat die toestaan van *colloquium doctum* aan evangelis Mannikkam eers sal oorstaan tot dat die Indian Reformed Church daaroor besluit geneem het. Die Sinode van die NGK (1970) het besluit dat aangesien daar spanning oor die aangeleentheid opgebou het om die hele aangeleentheid na die Permanente Regskommissie te verwys om in samewerking met die breë moderatuur af te handel (*Acta NGK* 1970:869). Die breë moderatuur het besluit dat toelating tot *colloquium doctum* sal alleen geskied na ontvangs van 'n aanbeveling van die betrokke Sinode (*Acta NGK* 1970:24). Sodoende het die Indian Reformed Church kort na stigting daarin geslaag dat die ASSK geen vetoreg oor die Indian Reformed Church kon uitoefen nie. Op die Sinode van die Indian Reformed Church (1976) het die actuarius kennis gegee dat evangelis Edward Jacannathan Mannikam op 2$^{de}$ Desember 1970 die eed van legitimasie in die teenwoordigheid van die Eindeksamenkommissie van die Indian Reformed Church afgelê het en dat hy op 1 September 1971 as predikant van die Indian Reformed Church georden was (*Acta Indian Reformed Church* 1976:13).

Ds Edward Jacannathan Mannikam was in 1980 as die eerste actuarius van die Reformed Church in Africa (RCA)[2] gekies. Gedurende 1984 was ds EJ Mannikkam gekies tot die Raad van Verteenwoordigers, 'n politieke party vir Indiërs, en het daardeur sy status as bedienaar van die Woord verloor (*Skema RCA* 1984:10). Hy het egter die Kerkraad beweeg dat hy kosteloos in die pastorie kon aanbly en as ouderling die

[2] Sedert 1976 staan die Indian Reformed Church bekend as die Reformed Church in Africa (RCA).

eredienste kon lei (*Acta RCA* 1986:10-11 asook 30-33). ’n Leraar kon gevolglik nie beroep word om die vakature te vul nie. Die Sinode 1986 van die RCA (1986) het besluit dat mnr E J Mannikkam op 1 Augustus 1984 sy status as bedienaar van die Woord in die RCA verloor het en die bediening van die sakramente deur hom onwettig was (*Acta RCA* 1986: 62 en 113). Aangesien die pastorie waarin mnr E J Mannikkam gewoon het, die eiendom van die NGK was, het die Sinode 1986 van die RCA (1986) die NGK versoek om besit van die pastorie te neem en dit weer tot beskikking van die RCA te stel sodat ’n leraar weer beroep kon word (*Skema NGK* 1987:663-664). Die Kommissie van Kontrole van die NGK het ’n uitsettingsbevel gekry wat mnr E J Mannikkam bestry het en ’n hofsaak teen die NGK aanhangig gemaak het. Daar is egter voor die hofsitting ’n skikking bereik met as voorwaarde dat mnr E J Mannikkam tot 31 Januarie 1988 in die pastorie kon woon (*Skema NGK* 1987:664).

**6.2.3. Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering**

Anders as in die NGSK en die NGKA was die besluite van die Indian Reformed Church nie aan die vetoreg van die NGK se Algemene Sinodale Sendingkommissie onderworpe nie. Die NGK het die selfstandigheid van die Indian Reformed Church van die Stigtingsinode onomwonde erken. ’n *Akte van Ooreenkoms* tussen die NGK en die Indian Reformed Church het aangedui dat die sendingwerk in Suid-Afrika gesamentlik en in oorleg met mekaar onderneem word (*Skema NGK* 1970:54). In ooreenstemming met die *Akte van Ooreenkoms* was ter behartiging van sake van gemeenskaplike belang, ’n skakelkommissie tussen die twee kerke in die lewe geroep. Dié Skakelkommissie het bestaan uit die Moderatuur van die Indian Reformed Church en die Sendingsekretarisse

van Kaapprovinsie, Natal, Suid- en Noord Transvaal asook die Sendingsekretaris van die Algemene Sinode (*Skema NGK* 1970:316). Volgens die *Akte van Ooreenkoms* tussen die NGK en die Indian Reformed Church geskied skakeling ten opsigte van sendingwerk onder Indiërs gesamentlik en met oorlegpleging deur beide kerke op Kerkraads-, Rings- en Sinodale vlak na gelang van omstandighede (*Skema NGK* 1970:54).

'n Kerkorde is in samewerking met die NGK vir die Indian Reformed Church opgestel. Aan die NGK was nie volledige sittingsreg op die vergaderinge van die Indian Reformed Church verleen nie. Die Indian Reformed Church het as selfstandige kerk tot stand gekom (Smith 1972:59). Die NGK het die afsonderlike Indiërgemeentes geensins verplig om binne kerkverband met die Indian Reformed Church te tree nie. Die gesag van die meerdere vergadering het van meet af tot sy reg in die Indian Reformed Church gekom. Ander as in die NGSK en die NGKA, het die NGK haar geen outoriteit oor die Indian Reformed Church aangemagtig nie. Die Doleansiekerkregbeginsel, naamlik dat geen kerk oor 'n ander kerk mag heerskappy voer nie, het in die geval van die Indian Reformed Church tot sy reg gekom (DKO art 84). Sodoende was alle vorme van heerskappy of voogdyskap uitgesluit (Smith 1972:86-87).

In meerdere vergaderinge van die Indian Reformed Church kan alleen sake behandel word wat daar tuishoort of daarheen verwys is deur mindere vergaderinge en wat nie in mindere vergaderinge afgehandel kon word nie. Die meerdere vergaderinge berus op die *jus divinum permissivum*. Die gesag van die meerdere vergadering is gevolglik ook 'n afgeleide gesag. Tot die taak en bevoegdhede van die Sinode behoort onder andere die

behartiging van die gemeenskaplike belange van die plaaslike kerke in die gebied asook die behandeling van alle sake wat in eerste instansie of by wyse van appèl voor hom gebring word (*Indian Reformed Church order* 1972: art 23). Van meet af is klem gelê op die instemming, medewerking van die Indiërgemeentes by die konstituering van die Indian Reformed Church gelê (Smith 1972:86-87). Die Indian Reformed Church het van meet af besonders klem gelê op die feit dat die Indian Reformed Church 'n eie vorm, regering en mag sou besit. Dié mag, naamlik die lerende, wetgewende en regsprekende mag, in die Indian Reformed Church was onvervreembaar en kon deur niemand van buite die kerk toegeëien of aangetas word nie en kon dus ook nie met 'n instansie buite die gemeente gedeel word nie. By die stigting van die Indian Reformed Church was hierdie eiesoortige mag, anders as by die stigting van die ander sendingkerke, verskans.

Op die meerdere vergaderinge van die Indian Reformed Church word die plaaslike gemeentes verteenwoordig deur hul afgevaardigdes. Die meerdere vergaderinge het slegs beperkte gesag. Die mag van die meerdere vergaderinge word begrens deur die bepalinge van die kerkorde, wat die gemeentes as akkoord van die kerklike gemeenskap aanvaar het. Die besluite geneem deur die meerdere vergaderinge van die Indian Reformed Church, binne die begrensing van die kerkorde, het 'n bindende karakter. In art 18 van die *Church order Reformed Church in Africa* (1982), word dit gestel dat die gesag van die Kerkraad oorspronklik is teenoor die gedelegeerde bevoegdheid van die meerdere vergadering.

> There are three assemblies of the church: Church Council, presbytery and Synod. These assemblies are entrusted with supervision, governance and discipline in the church – each according to its own authority, the authority of church councils being original, that of major assemblies delegated.
>
> (*Church order Reformed Church in Africa 1982* : art 18).

Met betrekking tot die regspersoonlikheid van die kerk dui art 40 dat die Kerkraad, die Ring en die Sinode in regshandelinge mag deelneem (*Church order Reformed Church in Africa 1982* 1982: art 40).

**6.2.4. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers**

Die Kerkorde van die Indian Reformed Church dui in art 7 aan dat daar drie ampte is, te wete predikant, ouderlinge en diakens en dat die ampte gelyk is in status, maar onderskei in funksie (*Acta NGK* 1970:467). Teen 1983 was daar ongeveer 10 gemeentes van die RCA in Suid-Afrika met nagenoeg 1100 belydende lidmate, 890 dooplidmate en het nege wit leraars en vyf Indiër leraars die RCA bedien (*Skema NGK Noord-Kaapland* 1983:231). Die Indian Reformed Church het van meet af op voetspoor met die *oud kerkrecht* beklemtoon dat die plaaslike gemeente 'n komplete, regerende, vrye, selfstandige kerk (*ecclesia completa)* is. In die Konstitusie van die Indian Reformed Church word ook die beginsel van selfregering ten opsigte van die tugreg van hul eie lede erken. Die meerdere vergaderinge kan by hoër beroep van 'n Indiër ampsdraer die oordeel uitspreek dat hy afgeset kan word. So 'n afsettingsvonnis het 'n bindend karakter. Die uitvoering van die vonnis het by die plaaslike kerk of by die meerdere vergadering in samewerking met die plaaslike gemeente, maar nooit by die meerdere vergadering as sodanig gelê nie.

Die RCA gaan van die veronderstelling uit dat die ampte gelykwaardig is en dat dit slegs in opdrag en werk onderskei word. By die uitoefening van hulle roeping mag op voetspoor van die *oud kerkrecht* geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer

nie, aangesien Christus die enigste Hoof, Koning en Meester van Sy kerk is (*RCA Church order* 1972:art 3). In die geval van die tug oor sendelinge, was die saak egter na die NGK verwys:

> Art 18 The official duties of the elders include the supervision of , discipline over, and the government of the congregation; supervision over teachings and conduct of the ministers and the other office-bearers, visiting the members of their homes, co-responsibility with the ministers for the catechetical instruction, and supervision over the uncorrupted ministry of the sacraments.
> Art 41 The measures of discipline against the office bearers fall under the jurisdiction and discipline of the presbytery and the Synod. Where Ministers who are members of the Nederduitse Gereformeerde Church are concerned the matter together with the evidence is referred to the appropriate Church court of the Nederduitse Gereformeerde Church, who shall finalized the action.
> (*Skema NGK* 1966:468 en 470).

In art 41 van die kerkorde word aangedui dat die NGK tug oor sendelinge sou uitoefen en dat in die geval van verdere behandeling van 'n klag teen 'n diensdoenende sendeling alle bewysstukke na die betrokke vergadering van die NGK verwys moes word vir finale behandeling (*Skema NGK* 1966: 468 en 470 asook *Skema Indian Reformed Church* 1968:54, art 41). Die meerdere vergadering van die Indian Reformed Church het gevolglik geen reg gehad om sendelinge te skors of af te set nie. Besware moes selfs in die geval van beroeping van 'n sendeling na die Indiërsendingkommissie en die betrokke kerkvergadering van die NGK, onder wie se tug die betrokke sendeling val, verwys word (*Skema NGK* 1966:219). Art 53 van die NGK se Kerkorde dui aan dat sendelinge wat in die sendingkerke bevestig is, onder sowel die NGK en die besondere sendingkerk se toesig en tug, wat volgens hulle kerkordes of bepalinge enige klag teen 'n sendingleraar kan ondersoek. Ingeval daar gronde vir verdere behandeling van die saak is, word die saak met bewysstukke na die NGK verwys vir finale afhandeling. Dié bepaling in die Indian Reformed Church stem dus woordeliks ooreen met art 53 van die NGK se kerkorde (*Skema NGK* 1966:228).

Die kerk het volgens RCA drieërlei mag, te wete die mag van leervasstelling, die van regering of bestuur en die van tuguitoefening *potestas dogmatica, regimisis, jurisdictionis.* Die Sinode van die Reformed Church in Africa (1976) het besluit dat sendelinge volledig lidmaatskap by die Reformed Church in Africa (RCA) tydens sy bediening opneem, dat sy lidmaatskap by die NGK tot sy demissie by die RCA gesuspendeer word, dat sodanige sendeling geen offisiële amp in die NGK dra nie en dat in die geval van tughandelinge teenoor 'n sendeling, die RCA die tugproses afhandel, die dienste van die betrokke sendeling, indien nodig, termineer en die NGK dienooreenkomstig in kennis stel (*Skema RCA* 1976:124-125 asook *Acta RCA* 1976: 139). Die RCA gaan van die veronderstelling uit dat die NGK nie die reg om in 'n ander kerk sonder opdrag of toestemming lede aan sensuur te onderwerp, of te ekskommunikeer, te skors, af te set of te vervang deur ander of ampsdraers aan die betrokke kerk op te dwing nie. Die Reformed Church in Africa (RCA) stel dit in art 9.3 dat die RCA predikante van die NGK mag beroep met dien verstande dat sodanige predikante volle lidmaatskap ten tye van die bevestiging by die RCA opneem (*Church order Reformed Church in Africa 1982* 1982:5). Die gesag van die Kerkraad is volgens RCA eiesoortig en kan nie na die NGK oorgedra word nie.

**6.2.5. Die appèlreg ten opsigte van besluite van meerdere vergaderinge**

In appèlsake het die Indian Reformed Church met die primêre partye te make naamlik die appellant en die kerklike vergadering waarteen hy/sy appelleer. Die besluite van die verskillende kerkvergaderinge van die Indian Reformed Church, te wete die Kerkraad, Ring en/of Sinode is bindend, maar ruimte word in die *Kerkorde* gelaat dat indien

lidmate of ampsdraers beswaard is, hul daaroor in appèl na 'n meerdere vergadering kan gaan. "Art 39 every accused who may object to the disciplinary measures taken by the Consistory shall be entitled to lodge an appeal to the major assemblies of the Church" (*Skema NGK* 1966:468 en 470).

Lidmate, ampsdraers en amptenare van die Indian Reformed Church mag hulle nie tot die burgerlike hof wend in hulle beswaar teen 'n kerkvergadering se besluit(e) nie, voordat hulle nie éérs die kerklike middele aangewend en uitgeput het nie (*Indian Reformed Church Church order* 1972: art 24-26). Diegene in die RCA wat enige uitspraak of handeling van 'n vergadering in stryd ag met die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente, of meen dat die welsyn van die Kerk deur so 'n uitspraak of handeling geskaad word, of voel dat hulle daardeur verontreg is, *kan* in hoër beroep gaan na die naasvolgende vergadering. Indien hulle so 'n uitspraak of handeling in stryd ag met die duidelike uitsprake van die Woord van God, is hulle *verplig* om in hoër beroep te gaan.

**6.2.6. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering met betrekking tot wanbestuur**

Geen voorsiening word in die kerkorde van die RCA gemaak dat die meerdere vergadering in die geval van wanbestuur in die mindere vergaderings kon ingryp nie. Die meerdere vergadering kan gevolglik nie selfstandig in die eie sake van die plaaslike kerk in gryp om sodoende haar besluite in die plaaslike gemeente tot uitvoering te bring nie. Die meerdere vergadering beskik nie oor die bevoegdheid – of te wel die kassasiereg - om die beslissinge van 'n mindere vergadering nietig te verklaar nie, maar kan wel

besluite na die mindere vergadering terugverwys vir hersiening.

### 6.3. Die stryd om kerkeenheid (1970 tot 2007)

Reeds 1970 het die RCA aangedui dat hul die vereniging met die NGK-familie begeer (*Skema NGSK* 1978:51). Op die Sinode van die RCA (1976) was 'n mandaat aan hul Sinodale kommissie gegee om eenheidsgesprekke met die ander kerke in die NGK-familie te inisieer. Die RCA het onder andere die volgende twee besluite geneem: "The family of NG Churches should become one Reformed Church Synod empowers the Synodical Committee to initiate discussions towards church union with other churches of the NG Family and that the church councils should be informed accordingly" (*Acta RCA* 1976:76-77 en 172).

Die RCA het gevolglik gedurende 1976 die inisiatief geneem vir die eenheid van die vier kerke in die NGK-Familie in Suid Afrika (*Skema NGSK* 1986: 62). Die RCA, NGKA, NGK en die NGSK het by 'n vergadering gehou te Pretoria op 26 Oktober 1976 tot die slotsom gekom dat die Federale Raad[3] hom nie leen tot die doelstellings van die verskillende kerke ten opsigte van hul strukturele strewe tot kerkeenheid nie (*Skema NGSK* 1986: 62). Gedurende Mei 1977 het al die Kerkrade van die RCA hul ten gunste van kerkvereniging met die NGSK uitgedruk (*Skema NGSK* 1978:51). Dit was egter nooit uitgevoer nie.

---

[3] Die Federale Raad was saamgestel deur verteenwoordigers van alle Kerke van die NGK familie en wat die drie Formuliere van Enigheid, soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619 naamlik die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die vyf Dordtse Leerreëls as hul belydenisgrondslag aanvaar (art 1) (*Skema NGSK* 1978:357). Elkeen van die samestellende lidkerke behou volgens art 6.1-4 hul wetgewende, regsprekende en administratiewe magte. Die Raad het geen bevoegdheid om besluite oor die interne partikuliere aangeleenthede te neem nie. Di besluite van die raad ten opsigte van die lidkerke was bloot adviserend. Die raad was bevoeg om sake van algemene belang vir die lidkerke te behandel (*Skema NGSK* 1978:358).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op ’n Federale Raadsvergadering te Pretoria op 18 Maart 1978 is besluit dat die Federale Raad vervang behoort te word met ’n Algemene Sinode, bestaande uit afgevaardigdes van die NGK, NGSK, NGKA en die RCA (*Skema NGSK* 1978:51-52). Twee derdes van die afgevaardigdes het ten gunste van ’n Algemene Sinode gestem (*Skema NGSK* 1978:55). Die NGK was afwysend teen ’n oorkoepelende Sinode en het daarop gewys dat so ’n oorkoepelende Sinode nie met die gereformeerde kerkregering versoenbaar is nie:

> That the establishment of an overarching (oorkoepelende) synod with the power to take decisions which will be binding on all constituent members should be rejected … the final authority lies with a synod where all local congregations have representation through their delegation. Any attempt to create a superstructure from above and to dictate a policy apart from the synods, which is not the policy of the church, must be rejected as not substantiated by reformed church polity. Measured against the principles of the reformed church polity the proposed overarching synod is untenable.
>
> (*Skema NGSK* 1978:51)

Die RCA het hul beywer vir die eenheid van die vier rasgebaseerde kerke in die NGK-familie en was afwysend teen blote samewerking tussen kerke, aangesien dit nie ’n voldoende uitdrukking van eenheid was nie (*Skema NGSK* 1978:55).

Op 21 April 1978 is onder die leiding van die RCA ’n konsultasie vir kerkeenheid in Durban begin wat op 30 tot 31 Mei 1978 te Kaapstad voorgesit was (*Acta NGSK* 1978:24). Die RCA en die NGSK was op die konsultasies verteenwoordig deur hul moderature, terwyl die NGK as waarnemers verteenwoordig was. Die NGKA het nie die konsultasies bygewoon nie. Na die konsultasie wat op 30 tot 31 Mei 1978 plaasgevind het, was ’n *Memorandum vir Kerkeenheid* opgestel wat onder andere die volgende sake ingesluit het: Eenheid op plaaslike vlak; Modelle vir kerke byvoorbeeld Ekumeniese Sinode, ʼn Oorkoepelende sinode met beperkte beslissingsreg, Eenheid op Algemene

Sinodale vlak, Streeks- en Ringsvlak, maar met uitsluiting van die plaaslike gemeente (*Skema NGSK* 1978:57-59 asook *Skema NGSK* 1986: 62).

Met betrekking tot die promovering van die Eenheid op plaaslike vlak gaan die *Memorandum vir Kerkeenheid* daarvan uit dat aangesien die kerk essensieel sigbaar is, is dit noodsaaklik om sigbaar uitdrukking te gee van die eenheid wat hul bely. Dit impliseer dat eenheid in belydenis, organisasie en aksie uitgedruk behoort te word (*Skema NGSK* 1978:57). ŉ Ekumeniese Sinode sou beteken het dat die Federale Raad vervang sou word deur ’n Sinode wat nie bindende besluite kon neem nie, aangesien alle besluite deur die deelnemende Sinodes geratifiseer sou moes word. Beide die RCA en die NGSK het geoordeel dat die model onvoldoende uitdrukking van strukturele kerkeenheid sou verleen (*Skema NGSK* 1978:57). ’n Oorkoepelende Sinode sou besluitnemingsmagte het bloot op sake wat na hul verwys is deur die deelnemende Sinodes. In die geval behou die deelnemende kerke hul outonomiteit. Sake wat geïdentifiseer was vir gesamentlike beraadslaging en besluitneming het onder andere ingesluit die wysiging van die belydenisgrondslag, wat terug na die deelnemende Sinodes en gemeentes vir ratifisering voorgelê moes word en die basiese beginsels van die kerkorde (*Skema NGSK* 1978:58). Eenheid op Algemene Sinodale vlak, Streeks- en Ringsvlak, maar met uitsluiting van die plaaslike gemeente, het geïmpliseer dat die gemeentes georganiseer mag word op grond van hul taal, kultuur en geografiese vereistes, maar met die reg om lidmaatskap by deelnemende kerk op te neem (*Skema NGSK* 1978:58). Beide die RCA en die NGSK het van die veronderstelling uitgegaan dat die gekose model moes uitmond in ŉ een verenigde kerk, gebaseer op Gereformeerde beginsels.

Die Sinode van die NGSK (1978) het op Maandag 25 September 1978 die *Memorandum vir kerkhereniging,* asook talle beskrywingspunte wat daarmee verband gehou het, in behandeling geneem. Dié Sinode van die NGSK het haar vereenselwig met die beginsel van die gereformeerde kerkreg waarvolgens 'n oorkoepelende Sinode onhoudbaar is tussen Sinodes van kerke waarvan die gemeentes nie institusioneel aan mekaar verbonde is nie. Die Sinode het ook besluit dat kerkvereniging vanaf gemeentelike vlak beskou moet word as die enigste gereformeerde basis waarop onderhandelinge gevoer sal word met die oog op die konkrete realisering van die Godgegewe eenheid binne die NGK-familie (*Acta NGSK* 1978:495). Die RCA het kennis geneem van die besluit van die Sinode van die NGSK (1978) in sake kerkvereniging en het teen 16 Mei 1979 daarop reageer. Die RCA was van mening dat die NGK enige vorm van strukturele eenheid volgens die besluite van die NGK se Algemene Sinode 1978 verwerp het. Die RCA het voorgestel dat die drie swart NG-kerke met ernstige eenheidsamesprekinge moet begin en dat kommissies uit die drie kerke benoem sal word om die voorbereidingswerk vir kerkhereniging te doen (*Skema NGSK* 1982:28). Gedurende 1979 het geen vergaderings tussen die RCA en die NGSK met betrekking tot kerkeenheid plaasgevind nie (*Acta NGSK* 1978:495).

Op die vergadering wat op 10 Maart 1980 en 11 September 1980 te Pretoria plaasgevind het, was slegs die NGSK[4] en RCA[5] teenwoordig (*Skema NGSK* 1982:28). Die besluite van die NGSK se Sinode 1978 oor kerkeenheid was by die samespreking ter tafel gelê.

---

[4] NGSK was verteenwoordig deur die Moderatuur: Di D P Botha, Sinclair, I Mentor, dr Beets ( *Skema NGSK* 1986:63).
[5] Die RCA was verteenwoordig deur di JNJ Kritzinger, GJA Lubbe, EJ Mannikkam, H Moodley, JK Naidoo ( *Skema NGSK* 1986: 63).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Twee vorms van eenheid was op die vergadering bespreek, naamlik amalgamering en vereniging: “The RCA merging or being absorbed by the NGSK and the NGSK entering into full fledged union for the formation of one church” (*Skema NGSK* 1986: 63).

Opdrag was aan ds E J Mannikkam van die RCA en ds I Mentor van die NGSK gegee om die implikasies van die twee moontlikhede te ondersoek met rapport aan die drie onderskeie Sinodes (*Skema NGSK* 1986:63). Tydens die Sinode van die RCA wat in Durban op 4 Oktober 1980 plaasgevind het, het die RCA besluit om as eerste stap tot kerkeenheid, die vereniging met die NGSK goed te keur (*Skema NGSK* 1982:28). Die RCA het op 23 Oktober 1980 die NGSK kennis gegee van hul besluit. ’n Loodskomitee met lede van beide die RCA en die NGSK is saamgestel wat aandag aan die volgende sake moes gee: finansies en eiendomme, ekumeniese verhoudinge asook teologiese opleiding.

Die moderatuur van die NGSK en die Sinodale Kommissie van die RCA het op 14 Februarie 1981 te Belhar vergader. Drie werksgroepe is op die vergadering saamgestel, naamlik Kerkorde, met ds I J Mentor as sameroeper; Finansies en Eiendom en Administrasie; met ds J N J Kritzinger as sameroeper en laastens Ekumeniese verhoudinge en Teologiese Opleiding met G J A Lubbe as sameroeper (*Skema NGSK* 1986: 64). Die eerste verslae van die studiekommissie was behandel op 10 September 1981 te Pretoria. Geen vergaderings het gedurende 1982 plaasgevind nie. Die samespreking was eers 28 Januarie 1983 hervat. Die verteenwoordigers van die RCA en die NGSK het op die vergadering voorgestel dat die vereniging van die NGSK en

die RCA op 'n datum gedurende September en/of Oktober 1986 kon plaasvind. Die oordrag van eiendomme, gesamentlike vergaderings en konsepkerkorde is op 5 Augustus 1983 deur die verteenwoordigers bespreek (*Skema NGSK* 1986:64).

Na die vergadering van die Federale Raad gehou 16-17 Maart 1984 het die eenheidsgesprek tussen die RCA en die NGSK nie weer op dreef gekom nie (*Skema NGSK* 1986:65). Sake wat die gesprek nadelig beïnvloed het, was onder andere die *status confessionis* wat die NGSK afgekondig het, asook die konsepbelydenis wat hul op dieselfde Sinode geformuleer het. Die RCA is van mening dat die verandering van die belydenisgrondslag deel van die onderhandelinge tussen die twee kerke behoort te wees. Op 23 Januarie 1987 het 'n samespreking tussen die dagbestuur van die NGK en vyf lede van die Sinodale Kommissie van die RCA plaasgevind. Wat kerkeenheid betref, wou die RCA op een of ander wyse groter eenheid sien, maar wou nie hul eie identiteit as kerk prysgee nie, veral nie vir strukturele eenheid met 'n ander kerk nie (*Skema Algemene Sinode NGK* 1990:29).

Teen 1990 was die eenheidsgesprekke weer hervat. Gedurende die negentigerjare was die eenheidsgesprekke negatief beïnvloed deur die NGSK se onkerkregtelike hantering van die herstel van status van twee predikante van die RCA, te wete dr G Lubbe en dr Klippies Kritzinger. Die moderatuur van die NGSK het op 14 Oktober 1993 'n onderhoud gevoer met die RCA met betrekking tot die aansoek om herstel van status van dr G Lubbe. Die moderatuur het die RCA se besware aan die actuarius deurgestuur vir behandeling by die eindeksamenkommissie van die NGSK (*Skema NGSK* 1994:

A2/10). Die NGSK het ’n onderneming gegee dat die aansoek om status van beide dr G Lubbe van die Via Christi Community en prof J N J Kritzinger nie afgehandel kon word, alvorens die RCA oor die aansoek geskakel was nie (*Skema VGKSA* 2001: 42). Die NGSK Kuratorium het, desnieteenstaande die onderneming, vir dr G Lubbe na aflegging van *colloqium doctum* gedurende November 1993 gelegitimeer (*Skema NGSK* 1994: A11/2).

Op die Sinode van die RCA (1994) is die bespreking oor kerkvereniging in *camera* gehou (*Acta RCA* 1994:166-171). Die volgende punt was onder bespreking, naamlik die skending van die kerkorde. Besorgdheid is op die Sinode uitgespreek met betrekking tot die NGSK se skending van die kerkorde: “How can we trust a chuch that violates the Church Order? What will the future be if this is the way the church order is treated?” (*Acta RCA* 1994:166).

Die Sinode van die RCA (1994) het met leedwese kennis geneem dat een van hul gemeentes, Via Christi Community, sonder om die korrekte kerkregtelike weg te volg, deel van die VGKSA geword het, asook dat die VGKSA dr G J A Lubbe gelegitimeer het: “ Synod expresses its shock and dissappointment with the insensitive way the matter of the legitimization of dr G J A Lubbe was handled by the DRMC which caused the Synodical Committee to suspend talks with the DRMC and not to present message of greetings of the convening of the URCSA” (*Acta RCA* 1994:171-172).[6]

[6] Op 15 Junie 1983 dat drr G J A Lubbe en J N J Kritzinger hul status as bedienaars van die Woord in die RCA verloor (*Acts RCA* 1986:62).

Dié Sinode het opdrag gegee dat die Sinodale Kommissie van die RCA bilaterale gesprekke met die Sinodale kommissie van die NGSK oor die twee aangeleenthede opneem. Die Sinode het verder ook besluit dat voordat strukturele eenheid in die NGK-familie kan plaasvind, moet die volgende sake bevredigend opgelos word:

i. Die RCA se evangeliese standpunt, missie, visie en fokus;

ii. Unieke agtergrond en karakter van liturgiese praktyke;

iii. Die posisie van die *Belydenis van Belhar;*

iv. Die legitimasie van ds A Bhiman, dr G J A Lubbe en prof J N J Kritzinger;

v. Die eiendom van die RCA in Lenasia;

vi. Die RCA se model vir kerkeenheid (*Acts RCA* 1994:198).

Die RCA het in 1995 kennis gegee dat die saak 'n impak het op bilaterale gesprek oor kerkeenheid en het ook te kenne gegee dat hulle die eiendom van die Via Christi Community steeds as die eiendom van die RCA beskou.[7] Na aanleiding van die Gereformeerde kerkreg, uitgedruk in art 85 (vroeër art 84) van die DKO, beklemtoon die RCA dat geen kerk sal oor 'n ander kerk heerskappy voer nie. Die moderature van die VGKSA, NGK en RCA het ontmoet as subkommissie van die gesamentlike Kommissie vir Kerkeenheid op 17 November 1997 te Grey Pass in Kaapstad. Ds F Swanepoel van die NGK en ds J Buys van die VGKSA het onderskeidelik as voorsitter en scriba opgetree. Die agenda het in hoofsaak gehandel om ooreenkoms te vind oor die belydenisgrondslag, die model en die naam van die eenheidskerk (*Skema VGKSA* 2001: 13). Gedurende September 1998 het 'n bosberaad plaasgevind. Die dagbestuur van die

[7] Op 15 November 1999 het 'n versoenende gesprek, op aandrang van die RCA, by die Via Christi Community tussen die RCA, VGKSA en die Kerkraad van Via Christi Community plaasgevind. (Skema VGKSA 2001: 42). Die VGKSA het skriftelik vir die RCA om verskoning gevra met betrekking tot die hantering van die aansoek om status van beide drr G Lubbe en prof J N J Kritzinger (*Skema VGKSA* 2001: 43).

RCA se Algemene Sinodale Kommissie het tydens die bosberaad aanbeveel dat die onderskeie sinodes ’n gesamentlike aanbeveling aan die onderskeie Sinodes voorlê dat die Belydenis van Belhar in beginsel as ’n belydenis van die verenigde kerk aanvaar moet word (*Acta Algemene Sinode NGK* 1998:305). Die RCA was teen bilaterale gesprekke rondom eenwording met óf die NGK óf die VGKSA (*Skema VGKSA* 2001: 13). Die RCA het multilaterale gesprekke voorgestaan. Op die Sinode van die RCA (1998) het die RCA weereens die *Laudium Declaration* (1990) met sy sterk evangeliese basis en sendingvisie beklemtoon:

> Ons bevestig dat ander godsdienste en ideologieë nie alternatiewe weë na God is nie, en dat daar geen ander naam gegee is onder die mense waardeur ons gered kan word nie, behalwe die naam Jesus. Ons verwerp elke vorm van sinkretisme en dialoog wat impliseer dat Christus eweneens deur ander godsdienste en ideologieë spreek. Ons beskou dit as heiligskennis teenoor Christus en Sy Evangelie. Om Christus te verkondig as Verlosser van die wêreld beteken nie dat alle mense outomaties gered sal word nie.
>
> (*Laudium Declaration* 1990: item 1)

Die Sinode van die RCA (1998) hul verbind ten gunste van kerkeenwording met die VGKSA en die NGK en het aanbeveel dat die *Belydenis van Belhar* deel behoort te vorm van die belydenisgrondslag van die verenigde kerk:

> ... (R)ecommending the acceptance in principle of Belhar as a Confession in the new uniting church; with the practical implementation to be deliberated in the process of unification. Request our Synods to invite representatives of URCSA top attend the Synod Meeting of the RCA and the DRC in order to assist us to understand and accept Belhar, as well as to listen to and understand our deliberations on Belhar.
>
> (*Acts RCA* 1998:59)

Die RCA het op die Sinode hul vrese met betrekking tot die verlies van eiendomsreg indien hul met die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA) sou verenig, uitgespreek, aangesien volgens art 11.1 van die Kerkorde van die VGKSA alle eiendom na eenwording oorgedra sou word na die nuwe regsentiteit:

> In the church order article 11 clearly states: " The Uniting Reformed Church in Southern Africa, in terms of its constitution, is a juristic person. It exists in the church meetings, namely the church council, presbytery, regional synod and general synod, each being the legal owner of its property and funds and having the right to legal action in civil law." In practice this means that within the URCSA or any other church the URCSA will become part of the legal owner of properties before the unification, will in essence be the legal owner of properties after unification.
>
> (*Acts RCA* 1998:63)

Dié Sinode het opdrag aan die Sinodale Kommissie gegee om eenheidsgesprekke te kontinueer en het terselfdertyd bevestig dat die *Laudium Declaration*[8] 'n integrale en prominente deel van die lewe en bediening van die nuwe verenigde kerk behoort te wees (*Acts RCA* 1998:73).

Gedurende 1994 tot 2006 was die RCA[9] betrokke in multilaterale kerkeenheidsgesprekke met die NGK,[10] NGKA[11], en VGKSA.[12] Op Woensdag 16 Augustus 2006 het een van die multilaterale gesprekke in die Sinodale Sentrum in Bloemfontein plaasgevind (*Multilaterale Gesprek...* 2006:1). Ds Victor Pillay van die RCA het in dié gesprek aangedui dat die RCA bekommerd is hoe hul as klein kerk in die eenheidsproses geakkommodeer sou word: "Ons is "evangelical", is "missional" in ons benadering. Die RCA is bekommerd oor die liberale goed wat in kerke insluip." Hy pleit vir 'n eenheid wat Christusgesentreerd is en gebaseer is op die Skrif en die Gereformeerde konfessies (*Multilaterale Gesprek* … 2006:1). Die vier Moderature het eenparig 'n verbondsverbintenis aangegaan ten opsigte van die hereniging van die NG-

[8] Op die Sinode van die RCA (1990) te Laudium is die *Laudium Declaration* aanvaar. In die *Laudium Declaration* bevestig die RCA dat hul 'n evangelies Gereformeerde Kerk is: " We affirm our commitment of evangelism, of the preaching of the Gospel to every creature. We affirm that Evangelism is not a option but an imperative." Met betrekking tot kerkeenheid stel die *Laudium Declaration* dit duidelik dat die RCA strukturele eenheid met alle kerke sal soek wat met hul dieselfde belydenisgrondslag deel (*Acta RCA* 1990 addendum).
[9] Die RCA was verteenwoordig deur di Victor Pillay, Bennett Shunmugam, Maniraj Sukdaven.
[10] Dr Coenie Burger, prof Piet Strauss, dr Nelus Niemandt, ds Elsje Büchner, dr Kobus Gerber.
[11] Die NGKA was verteenwoordig deur di Mochudi Lebone, Johannes Ramolahlehi, drr Sarel Corrie, Andries Hoffman
[12] Die VGKSA was verteenwoordig deur prof Thias Kgatla, dr Allan Boesak, di Petrus Makoko, Collin Goeiman, David Malete, P Moloi.

kerk-familie (*Multilaterale Gesprek* ... 2006:4). As eerste tree in die proses is 'n vergadering van die uitgebreide leierskappe van die vier deelnemende kerke, naamlik Moderamens/ Algemene Sinodale Kommissies van die vier kerke asook die Moderature van die verskillende streeksinodes, op 6 tot 8 November 2006 te Achterbergh gereël. 'n Interimkomitee was gevorm wat bestaan uit die vier moderators en die vier skribas van die vier deelnemende kerke. Van 6 tot 8 November 2006 het 127 verteenwoordigers van die RCA, die VGKSA, die NGKA en die NGK by Achterbergh naby Krugersdorp byeengekom om te praat oor die kerkhereniging van die familie van NG-kerke en hoe dit gestalte kan kry. Op Achterbergh het die breër verteenwoordiging van die kerke hulle opnuut plegtig verbind tot die hereniging van die NG-kerkfamilie.

**6.3.1. Christus as hoof van die kerk**

In 'n bilaterale gesprek tussen die VGKSA en die RCA, voor die sitting van die Algemene Sinode van die VGKSA Pietermaritzburg in September 2005, het die RCA haar besorgdheid uitgespreek dat hul kerk se spesiale bedieningsbehoeftes nie in 'n groter verenigde kerk na behore aangespreek sou word nie (*Algemene Sinode Skema VGKSA* 2005:79).

Die RCA beklemtoon in die multilaterale gesprekke dat Christus die hoof van Sy kerk is en die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en

die vyf Dordtse Leerreëls. Algemene belydenisskrifte wat deur die Kerk erken word, is die historiese belydenisskrifte van die Christelike Kerk:

1.1 die Apostoliese Geloofsbelydenis,

1.2 die Geloofsbelydenis van Nicea,

1.3 die Geloofsbelydenis van Athanasius ( *Notule Achterbergh* 2006:1).

Die RCA gaan van die veronderstelling uit dat die eenheid van 'n kerkgemeenskap in die gemeenskaplike geloofsoortuiging berus. Tussen die VGK en die RCA vorm die *Belydenis van Belhar* die verskilpunt in geloofsoortuiging. Die RCA is van mening dat die plek van die *Belydenis van Belhar* moet helder uitgeklaar word, voordat kerkvereniging tussen die twee kerke 'n werklikheid kan word. Die RCA erken dat die VGK die *Belydenis van Belhar* inbring in die kerkherenigingsproses en aanvaar dat die Belydenis van Belhar om daardie rede deel van die kerkherenigingsproses is. Dit beteken volgens die RCA egter nie dat al die deelnemende kerke se lidmate of predikante dit as 'n belydenisskrif hoef te onderskryf is nie. Die RCA het by monde van hul moderator, ds Bennett Shunmugam, op Achterbergh 6 tot 8 November 2005 onomwonde hul evangeliese standpunt met betrekking tot die Skrifgesag, getuienis, kerkbegrip deurgegee as hul visie ook vir die toekomstige kerk:

> We want to see: A church by its biblical preaching / teaching and example opens the spiritual eyes of unbelievers and turns them from darkness to light and from the power of Satan to God, so that unbelievers may receive forgiveness of sins and a place among those who are sanctified by faith in Christ (Acts 26:18); A church that can truly be the light and salt of the world, that has the conviction to call sin a sin – not to compromise biblical standards and truths … A church that will preach the Word of God to correct, rebuke and encourage in a time when men will not put up with sound doctrine … A church that preaches repentance of sin, iniquities and trespasses – for there is no salvation without repentance; A church where its members are living in a Christian relation with God on a daily basis … . A church that will contend for the faith against formalism / legalism / traditionalism; A church that will not misrepresent God in word or deed by accepting what God rejects or rejecting what God accepts.
> (*Achterbergh I Agenda* 2006:1)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die RCA stel dit duidelik dat hul nie bereid is om ter wille van kerkeenheid enige kompromieë aan te gaan wat hul sending en bediening met betrekking tot dobbelary, alkoholisme, tradisionele aanbidding, homoseksualiteit, ensovoorts betref nie (*Achterbergh I Agenda* 2006:2).

### 6.3.2. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk

De kerkorde van die RCA gaan onmiskenbaar uit van die plaaslike gemeente as openbaring van die liggaam van Christus. Op voetspoor van die *oud kerkrecht* handhaaf die RCA beide die selfstandigheid van die plaaslike kerk asook die eenheid van die kerke in konfederatiewe verband. Dit RCA wys prinsipieel enige hiërargiese kerkregeringstelsel af. Die RCA beklemtoon in die eenheidsgesprekke ŉ presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel. Dit beteken dat al die gemeentes as selfstandige gemeentes ingevoeg word in Ringe, Sinodes en een Algemene Sinode. In die proses moet ruimte gelaat word vir onderhandeling, nuwe moontlikhede en ŉ groei na mekaar. Die RCA se siening is dat gemeentes outonoom is, wat veroorsaak dat gemeentes eienaar van hulle eiendom is. Die gewone presbiteriale struktuur van 'n gesamentlike algemene sinode, gesamentlike Streeksinodes en gesamentlike Ringe word gevolg. Ten opsigte van gemeentes word 'n spontane proses van herrangskikking voorgestel waarby plaaslike omstandighede en geleenthede 'n sterk rol sal speel – met die onderneming dat gemeentes nie van buite in prosesse ingedwing sal word nie. Plaaslike Kerkrade behou dus die besluitnemingsbevoegdheid oor die inrigting van die plaaslike gemeente. In die besluit word rekening gehou met die unieke aard van gemeentes. Die RCA is teen

organisatoriese eenheid, dit wil sê volledige eenheid, een kerkverband met een Algemene Sinode en die moontlikheid van eenheid op alle ander vlakke van kerk wees, dit wil sê Sinodes, Ringe en plaaslike gemeentes (*Achterbergh I Agenda* 2006:1).

Ten opsigte van gemeentes word 'n spontane proses van herrangskikking deur die RCA voorgestel waarby plaaslike omstandighede en geleenthede 'n sterk rol sal speel – met die onderneming dat gemeentes nie van buite in prosesse ingedwing sal word nie. Plaaslike Kerkrade behoort dus volgens die RCA dus die besluitnemingsbevoegdheid oor die inrigting van die plaaslike gemeente te behou. (*Church order Reformed Church in Africa* 2004: bep 13). Die RCA beklemtoon die unieke aard van gemeentes. Vanaf gemeente tot Algemene Sinode vorm die RCA organies een kerkverband. Volgens art 36 en 37 (die bevoegdheid van Sinodes om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts uit die Algemene sinodale verband te tree) en art 44 (die wysiging van die belydenisgrondslag van die RCA) kan die vorming van een kerkverband in die NG-kerkfamilie eers kan plaasvind na ŉ proses van behoorlike oorleg- en raadpleging met Kerkrade (*Church order Reformed Church in Africa* 2004:art 36.37 en 44). Die RCA gaan van die veronderstelling uit dat meerdere vergaderinge alleen sake mag behandel met betrekking tot partikuliere sake van mindere vergaderinge wat nie in die vergaderinge afgehandel kon word nie; dat sy alleen sake mag behandel wat oor die kerke van die meerdere vergadering in die algemeen behoort; dat al haar besluite insake leer-, regeer en tuggevalle as vas en gebonde gehou sal word, tensy dit bewys word dat dit strydig is met Gods Woord en die kerkverordeninge. Indien konsensus dus nie oor kerkeenheid nie bereik word nie, moet ŉ tweederdemeerderheid verkry word. Die RCA gaan van die veronderstelling uit dat die plaaslike kerk ŉ komplete

selfstandige kerk is en dus in terme van die gewone reg, 'n gemeenregtelike persoon ('n regspersoon) is. Die kerkorde van die RCA beskerm daarom die plaaslike gemeente se selfstandigheid (*Church order Reformed Church in Africa* 2004: bep 13). In die RCA het ons, om mee te begin, die gemeente, die Ring, asook die Sinode onderskeidelik as regspersone. 'n Regspersoon is volgens die gemenereg 'n vereniging van persone wat afsonderlik van sy lede bestaan en selfstandig, in eie naam, draer is van sy regte en verpligtinge. Een van daardie regte is om in eie naam eiendom te kan besit

**6.3.3. Die karakter van die kerkverband**

Die RCA stel in die eenheidsgesprekke voor dat die uiteindelike struktuur van so 'n aard moet wees dat hul daarmee kan assosieer, maar tog ook die reg sal voorbehou om uit kerkverband te mag tree (*Achterberg II Verklaring* 2007:1). Die kerkverband het volgens die Gereformeerde kerkreg immers 'n konfederatiewe karakter wat deur vrywillige aansluiting van die plaaslike gemeente tot stand kom. Die RCA beklemtoon dat Kerkraad die reg om tot 'n kerkverband toe te tree en ook te onttrek wanneer hy goeie gronde daarvoor vind. Tydens die Achterbergh II-byeenkoms, 23-25 April 2007, het die verteenwoordigers van die VGKSA, NG Kerk, NGKA en die RCA die verslae van vier taakspanne, te wete Belydenisgrondslag, Model, Gesamentlike projekte en Versoening, behandel (*Achterberg II Verklaring* 2007:1). Vier taakspanne, bestaande uit twee lede van elke deelnemende kerk per taakspan, het gedurende 31 Januarie tot 1 Februarie 2007 vergader om die eerste voorbereidingswerk te doen. Die taakspanne het daarna ook telefonies vergader met die oog op die afronding van hulle werk vir die Achterbergh II-byeenkoms. Tydens die Achterbergh II-byeenkoms is die sake verder

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bespreek in uitgebreide taakspanne waarin al vier die kerke verteenwoordig was. Die vergadering het konsensus oor die eerste drie sake bereik (*Achterbergh II Verklaring* 2007:1). Die verslag oor *versoening* is na die Interimkomitee vir Kerkhereniging verwys aangesien geen eenstemmigheid daaroor bereik kon word nie.

Die RCA het dit veral voorgestaan dat die *Belydenis van Belhar* nie as voorwaarde vir kerkeenheid behoort te geld nie. Die deelnemende kerke het gevolglik besluit dat die gesprek tussen die vier kerke voortgesit moet word met die oog daarop om ooreenkoms te bereik oor die Bybelse inhoud van *Belydenis van Belhar* en om ŉ gesamentlike kommentaar daarop te skryf. Dit sal dit moontlik maak dat die Bybelse inhoud van *Belydenis van Belhar* in ŉ nuwe kerkverband gepreek, onderrig en in die bediening gebruik kan word. Die RCA het dit beklemtoon dat in die vorming van ŉ nuwe kerkverband moet die belydenisgrondslag van die vier kerke, Sinodes en gemeentes akkommodeer sonder om enigiemand te forseer om *Belydenis van Belhar* te aanvaar of daarvan afstand te doen. Die vier kerke het verder ook ooreengekom dat die waarde wat *Belydenis van Belhar* as ŉ belydenis vir die VGKSA het, gerespekteer behoort te word (*Achterbergh II Verklaring* 2007:1). Die vier kerke kon dus nie ’n akkoord bereik dat die *Belydenis van Belhar* deel kon vorm van die verenigde kerk nie. Die RCA het onder andere voorgestel dat die onderskeie Algemene Sinodes en/of Streeksinodes bly bestaan en dat verteenwoordigers na 'n oorkoepelende Sinode afgevaardig behoort te word.

Die RCA lê klem op *skakeling en raadpleging*, samewerking en dat die band tussen die lede van die kerkfamilie verstewig moet word, maar sonder prysgawe van outonomiteit van die afsonderlike deelnemende kerke (*Achterbergh II Verklaring* 2007:1-2). Met betrekking tot die model van kerkeenheid het die vier deelnemende kerke op Achterbergh 11 konsensus bereik dat die plaaslike kerk ten volle kerk van God is, maar dat dit nooit as kerk in isolasie bestaan nie, dat gemeentes regspersone in sigself is en hulle verantwoordelikheid met betrekking tot die besluitneming en bediening behou, dat die Algemene Sinode skryf nie aan gemeentes voor hoe hulle hul bediening uitvoer nie en dat plaaslike gemeentes nie in een struktuur forseer word nie. Die RCA het gedurende Achterbergh II daarop gewys dat hul volgens hul Kerkorde toestemming van al die gemeentes van die RCA moet verkry om ŉ nuwe Algemene Sinode as uitdrukking van ŉ nuwe kerkverband te vorm, of as hul die belydenisgrondslag wil wysig. Eenstemmigheid is op die Achterbergh II bereik dat wysigings aan die bestaande Kerkordes voor die vorming van 'n nuwe kerkverband goedgekeur moet word en dat daar dus ŉ proses gevolg behoort te word waarin die Streeksinodes en Ringe betrokke sal raak.

Die RCA staan dit voor dat ruimte geskep behoort te word vir assosiaat-lidmaatskap. Daarmee wil die RCA ruimte skep vir kerke wat wil deel word van die herenigde kerk, maar om verskeie redes nie gereed is om ten volle deel te wees van die nuwe kerkverband nie. Achterbergh II het dit goedgekeur dat so ŉ kategorie geskep word en het hoop uitgespreek dat die assosiaat-lede met verloop van tyd sal groei tot volle eenheid (*Achterberg II Verklaring* 2007:1-2). Op Achterbergh II het die vier aktuarii

van die vier deelnemende kerke opdrag gekry om die bestaande Kerkordes te evalueer en sodoende 'n proses te begin om dit met die oog op kerkeenwording te wysig. Die RCA het aangedui het dat hulle dit van hulp sou vind indien daar in die model van die herenigde kerk, ruimte gemaak sou kon word dat hulle sommige van hulle huidige strukture kan behou, terwyl hulle ook ten volle deel is van alle nuwe strukture. Achterbergh II het gewys op die gevare wat assosiaat-lidmaatskap kan inhou:

> Soos hierbo gestel, wil ons hê dat eenheid so inklusief as moontlik sal wees. Ons wil daarom werklike behoeftes tegemoet kom maar vanselfsprekend nie op so 'n manier dat dit die eenheid in gevaar stel of verdelings van die verlede voortsit nie. Ons het reeds gesê dat die bedoeling van eenwording nie die hersamestelling van gemeentes is nie, maar die vorming van een kerkverband.
>
> (*Achterberg II Verklaring* 2007:1-2)

**6.3.4. Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering**

Die RCA gaan van die veronderstelling uit dat die Kerkraad van die lidmate toestemming behoort te verkry vir handelinge wat vir die lidmate gevolge het, soos byvoorbeeld die aankoop of vervreemding van eiendom, aanvaarding van finansiële verpligtinge, verandering van lokale regte, ensovoorts. Die RCA beklemtoon dat die meerdere vergaderinge geen selfstandige gesag aan hul deur Christus verleen het nie. Die take en bevoegdhede van die meerdere vergadering word dus volgens die RCA op voetspoor van die *oud kerkrecht* beperk tot dit wat die kerke self vrywillig ooreenkom.

Wanneer die sinode van die RCA byvoorbeeld besluit om met 'n ander Gereformeerde kerk te verenig, word die sinodale besluit nie *ipso facto* die besluit van 'n Kerkraad nie. Kerkrade kan wel besluit(e) van die meerdere vergaderings met betrekking tot kerkeenwording bekragtig (*Achterbergh I Verklaring* 2006:1). Die RCA se kerkorde stel dit duidelik dat die Kerkrade moet gevolglik die gemeente toets oor sake wat vir die

gemeente gevolge sal inhou, byvoorbeeld met betrekking tot die verandering van lokale regte, die eenwording met ander kerke, die aanvaarding van belydenisskrifte, die hou van ’n eenheidsinode ensovoorts. Die plaaslike gemeente van die RCA besit ’n eie en wesenlike mag terwyl die meerdere vergaderings slegs gedelegeerde mag besit. Die kerkorde van die RCA maak wel voorsiening vir die kombinering van werksaamhede van gemeentes, Ringe, Sinodes, kommissies van Sinodes uit verskillende kerkverbande (Reg 6). Kombinasie beteken hier dat twee of meer kerkvergaderinge van verskillende kerkverbande, of kommissies van kerkvergaderinge, as deel van die soeke na kerklike eenheid in die NG Kerkfamilie, ten bate van die koninkryk van God en as gelyke deelgenote van mekaar, kontraktuele ooreenkomste aangaan vir die uitvoering van sekere gemeenskaplike werksaamhede. Die bedoeling van die bepalings was egter nooit gemik op kerkvereniging nie. Hierdie reglement kan die proses van kerkvereniging slegs in ’n beperkte mate dien. Die reglement impliseer dat alle vereistes met betrekking tot die uittreding uit kerkverband nagekom is, dat die belydenisskrifte van die RCA deur ’n tweederdemeerderheidsbesluit van die Kerkraad aanvaar en onderteken is, dat die gemeentes deur middel van ’n tweederdemeerderheidsbesluit van die Kerkraad, die kerkorde van die RCA aanvaar word.

## 6.4. Konklusie

Die RCA erken op voetspoor van die Doleansiekerkreg dat Christus die hoof van die kerk is, die selfstandigheid van die plaaslike gemeente, die konfederatiewe karakter van die kerkverband, die beperkte bevoegdhede van die meerdere vergadering, die drieërlei mag van die kerk naamlik leer-, regeer- en tugmag asook die appèlreg ten opsigte van

besluite van die meerdere vergaderinge. Verder erken die RCA ook dat die Kerkraad 'n vergadering van die ampsdraers van die plaaslike kerk en die enigste deur Christus ingestelde bestuur van die gemeente. Die kerkorde van die RCA gaan onmiskenbaar uit van die primaat van die plaaslike gemeente as openbaring van die liggaam van Christus. Die RCA wys prinsipieel 'n hiërargiese kerkstruktuur af, maar erken die noodwendigheid van die kerkverband.

# HOOFSTUK 7

# Die kerkreg en kerkregering van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (1994-2008)

## 7.1. Algemene Inleiding

Op 14 April 1994 in die NGSendingkerksentrum, te Belhar het die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (=NGSK) en die Nederduitse Gereformeerde Kerk Afrika (=NGKA) verenig en het die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (=VGKSA) tot stand gekom. Die moderators van beide kerke, dr S P E Buti (NGKA) en ds N A Appollis (NGSK), het as voorsitters op die Stigtingsinode waargeneem (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:282). Na die konstituering het beide moderators hul onderskeie kerke se beginselsbesluite oor die aanvaarding van die *Konsep Kerkorde*[1] as grondslag vir die nuwe kerk bekend gemaak (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:290). Die vergadering het bevestig dat die nuwe kerk op grond van die aanvaarde *Konsep Kerkorde* konstitueer en het gesamentlik staande die *Bevestiging van konstituering* voorgelees (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:290). Die voorsitter, ds N A Appollis, het die *Oorkonde van die Kerkvereniging tussen die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA)* voorgelees en daarna is die historiese dokument in die teenwoordigheid van die vergadering deur albei moderature onderteken (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:291). Die eerste sitting van die nuwe kerk het daarna 'n aanvang geneem. Die

---

[1] Die *Konsep Kerkorde* was deur die Gesamentlike Gesprekskommissie opgestel en vier maande voor die Stigtingsinode aan die Kerkrade van die deelnemende Sinodes versend. Die Kerkrade was ook versoek om hulle in beginsel oor die *Konsep Kerkorde* uit te spreek en hulle afgevaardigdes na die volgende vergaderings van onderskeidelik die Algemene Sinode van die NGKA en die Sinode van die NGSK opdrag te gee om in ooreenstemming met hul besluit te stem (sien Hoofstuk 5.4).

moderatuur is uit beide NGKA en NGSK afgevaardigdes gekies, naamlik di N A Appollis (moderator), S P E Buti (assessor), L Appies (scriba) en J D Buys (actuarius). Met 'n tweederdemeerderheid was die naam Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika gekies (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:295). Hierdie eenwording het soos reeds in Hoofstuk 4.5.4 en Hoofstuk 5.4. aangetoon is, tot 'n kerkskeuring en etlike hofsake wat in die guns van die NGKA beslis was, gelei. [2]

## 7.2. Die kerkorde 1994- 2008

Op die Stigtingsinode was die vooraf ooreengekome *Konsep Kerkorde,* bestaande uit 12 artikels, soos gewysig met 'n tweederdemeerderheid goedgekeur (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:360-365). Die twaalf artikels het onder andere betrekking op die volgende sake: die Kerk (art 1), die belydenis van die Kerk (art 2), die lidmaatskap van die Kerk (art 3), die verantwoordelikheid van die gemeente (art 4), die dienste in die gemeente (art 5), die ampte in die gemeente (art 6), die regering van die gemeente (art 7), die verband tussen die gemeentes (art 8), die Ring (art 9), die gebiedsinode (art 10), die Algemene Sinode (art 11) en die kerk se verhoudinge (art 12). Struktureel wyk die VGKSA se *Kerkorde* radikaal van die formaat van die DKO af. Die teologiese en/of kerkregtelike fundering vir die afwyking ontbreek. Slegs basiese riglyne vir die orde van die kerk word in die *Kerkorde* van die VGKSA vasgelê. Enige verdere noodsaaklike reëls of wette wat betrekking het op die goeie funksionering van Kerkrade, Ringe en Sinodes was op die Stigtingsinode aan die betrokke kerklike vergaderings oorgelaat om

---

2. Vir 'n goeie verstaan van Hoofstuk 7 moet ook Hoofstuk 5.4 saamgelees word

self te besluit (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:21). Een van die riglyne wat die Gesamentlike Gesprekskommissie (GGK) gebruik het by die opstel van die *Konsep Kerkorde* is die demokratisering van die kerk waarmee bedoel word "die aktiewe deelname van die lidmate deur die sentraalstelling van die amp van die gelowiges wat ook implikasies vir die struktuur inhou" (*Agenda VGKSA Algemene Sinode* 1994:7).

Die Stigtingsinode van die VGKSA (1994) het besluit dat alle bestaande kerkordelike reëlings en aanvullende bepalinge en reglemente van die twee deelnemende kerke van toepassing en geldend sal wees as bepalinge en reglemente van die VGKSA, in so verre dit nie strydig is met die *Kerkorde* van die VGKSA nie (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:29). Dit beteken dat veral in die gevalle van tughandeling en beroeping dat die bestaande kerkregtelike prosedure van die oorspronklike kerke van toepassing was (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:29). Op die Stigtingsinode is opdrag aan die Algemene Permanente Regskommissie gegee om alle bestaande kerkordelike reëlings en aanvullende bepalinge en reglemente van die oorspronklike kerke te versoen en aan die eerskomende Algemene Sinode verslag daaroor te lewer (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:29). 'n Soortgelyke opdrag is ook aan die ses Streeksinodes gegee. Op die Algemene Sinode 2001 is die besluit herhaal om 'n uniforme stel kerkordelike bepalinge vir die verskillende Streeksinodes daar te stel (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 2001:78-79). Op die Algemene Sinode 2005 is etlike bepalinge met betrekking tot die ampte (bep 19- 32), die vergaderinge van die kerk (bep 33- 68) en

besondere dienste (bep 69-75) na die onderskeie Streeksinodes vir wysigings, amendering en/of goedkeuring verwys (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 2005:150-206).

### 7.2.1. Christus as hoof van die kerk

Op voetspoor van die Doleansiekerkreg beklemtoon die VGKSA Christus se koningskap. Jesus Christus regeer die gemeente deur sy Woord en Gees (*Kerkorde VGKSA Algemene Sinode* 2002:art 7 asook *Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:7). In art 5 van die *Belydenis van Belhar* bely die VGKSA dat hul glo dat die kerk geroep word om dit alles te bely en te doen, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus, sy enigste Hoof, al sou ook die owerhede en verordenings van mense daarteen wees en al sou straf en lyding daaraan verbonde wees. Die plaaslike gemeente ontvang die volledige kerklike mag van Christus. Christus is die Hoof van elke plaaslike gemeente en regeer deur sy ampsdraers. Die kerk van Jesus Christus is die gemeenskap van die gelowiges wat deur die Woord van God en deur sy Gees byeengeroep word. Die byeengeroepenes wat die VGKSA vorm, is deel van hierdie kerk van Christus saam met al die ander kerke wat Christus bely (*Kerkorde VGKSA Algemene Sinode* 1994:art 1).

### 7.2.2. Die selfstandigheid van die plaaslike gemeente

Aan die eenkant lê die VGKSA op voetspoor van die Dolerendes klem op die selfstandigheid van die plaaslike kerk, maar aan die anderkant word op die Stigtingsinode groter bevoegdheid aan die meerdere vergadering ten opsigte van die sedering van die eiendom van plaaslike gemeentes in die geval van kerkeenheid verleen

(vergelyk Hoofstuk 4.5.4 asook Hoofstuk 5.4). Die plaaslik gemeente is een van die belangrike uitgangspunte in die *Kerkorde* van die VGKSA (*Agenda VGKSA* 1994:8). Elke plaaslike gemeente in die VGKSA is die selfstandige openbaring van die liggaam van Christus, maar is ook deel van die kerkverband. Die gesamentlike gespreksgroep bevestig in hul *Verslag en Aanbevelings aan alle gemeentes en kerkrade* die Gereformeerde beginsel dat elke plaaslike kerk 'n volledige kerk is (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:21 asook *Kerkorde VGKSA Algemene Sinode* 1994 artikel 4.1-4.2). Die plaaslike gemeente is dus 'n volledig kerk, *ecclecia completa,* dit wil sê geen *pars ecclesiae,* of te wel geen deel van 'n groter instituut nie.

Die Stigtingsinode het aanbeveel dat die bestaande gemeentes van die twee kerke behoue sal bly en dat almal saam die gemeentes van die een kerk vorm, dat hierdie gemeentes onderling oop is vir bywoning en lidmaatskap en dat waar meer as een gemeente in dieselfde gebied val, dit hierdie gemeentes vrystaan om onderlinge sake en samesmelting te reël volgens die plaaslike behoeftes deur byvoorbeeld ooreenkomste met mekaar aan te gaan, een gemeente te vorm of watter reëlings ook al te tref, solank dit in volle vryheid en sonder dwang van enige kant geskied (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:300). Die plaaslike kerk of gemeente (*ecclecia locus*) word by die VGKSA beskou as die tydelike, sigbare, geïnstitueerde openbaring van die liggaam van God. Elke plaaslike gemeente is 'n selfstandige en volledige kerk, met eie ampte en bedieninge, met die volle bediening van die Woord, die sakramente en die tug. Omdat die amp van die gelowige die grondslag van alle ander ampte vorm, kies die gemeente self uit eie geledere van belydende lidmate, ouderlinge en diakens om 'n Kerkraad te vorm. Aan hierdie Kerkraad

word die regering, toesig en die tug oor die gemeente en die leiding ten opsigte van die verskillende dienswerke in die gemeente, die leiding ten opsigte van sake in verband met die erediens, die onderrig, die gesamentlike sorg, die getuienisaksie en die diens aan die gemeente raak, die uitoefening van tug oor lidmate van die gemeente, maar uitgesonder diegene wat in die ampte staan, die reg om 'n vergadering van die gemeente byeen te roep op 'n wyse soos deur elke gemeente bepaal, toevertrou (*Kerkorde VGKSA Algemene Sinode* 1994 art 7.1 tot 7.4). Die Kerkraad word beskou as die deur Christus ingestelde bestuur van die gemeente. Die plaaslike gemeente in die VGKSA is in terme van die gewone reg 'n gemeenregtelike persoon, dit wil sê 'n regspersoon: "Die kerk se regspersoonlikheid kom tot uitdrukking in die meerdere en mindere vergaderings waarin die wettige eienaarskap van goedere, eiendomme en fondse vestig en waardeur die kerk eienaarskap uitoefen en ooreenkomstig die reg optree" (*Kerkorde VGKSA Algemene Sinode* 1994: Artikel 11.11).

Met die byeenroep van die Konvent van Eenwording tussen die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA) op 14 April 1994 en die daaruit voortvloeiende Stigtingsinode, het die NGSK en die NGKA juridies ontbind en was die twee kerke verenig tot 'n nuwe organisasie met volle regspersoonlikheid en handelsbevoegdheid op die tydstip wat die Belydenisskrifte, die Kerkorde en die Naam van die verenigde Kerk met 'n tweederdemeerderheid besluit aanvaar is (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:39). Besluite wat op die Stigtingsinode geneem was met betrekking tot die regspersoonlikheid en eiendomsreg is in die hofsake tussen die VGKSA en die NGKA as *ultra vires* bewys en het soos

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aangedui in Hoofstuk 4.5.4 en Hoofstuk 5.4 gelei tot kerkskeuring. Die Stigtingsinode het onder andere bepaal dat by die inwerkingstelling van die *Kerkorde* van die verenigde kerk, sedeer elke Streeksinode, Ring, gemeente en dra al sy bates, laste, regte en verpligtinge, niks uitgesluit nie, oor aan die Streeksinodes, Ring of gemeente wat deur die Stigtingsinode daartoe aangewys word (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:39). Die gestigte Streeksinode, Ring of gemeente wat so aangewys is, tree dan in as die opvolger in reg en titel van die betrokke ontbonde Streeksinode, Ring of gemeente soos van toepassing (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:131). By implikasie het elke regspersoon van die twee onderskeie kerke by die Stigtingsinode dus juridies ontbind (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:340). Op die Stigtingsinode was onder meer die regspersoonlikheid asook die eienaarskap van die bestaande kerklike instellings met statutêre regspersoonlikheid ten opsigte van hulle onderskeie stoflike eiendomme, goedere en fondse aanvaar en tree die aangewese regspersone in as die opvolgers in reg en titel ten opsigte van alle bates, laste, regte en verpligtinge van die gemelde Sinode van die NGSK en die NGKA (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:340 – 341). Aan die VGKSA is op die Stigtingsinode volmag verleen om alle aksies en regshandelinge te volvoer ten einde effek te gee aan bogenoemde sedering en oordrag van eiendom (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:313). Die Sinode het besluit dat die beheer van stoflike goedere van elke regspersoon, in die geval van die Algemene Sinode, Gebiedsinode Ringe, die Kerkraad sal berus by sodanige vergaderings of enige kommissie wat genoemde vergadering vir die doel in die lewe roep (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:42).

Aangesien die twee kerke in hul administrasie te doen het met ’n veelvoud van regsgeldige dokumente, regte en verpligtinge wat by die ontbinding van die twee kerke almal in gedrang kom, het die Stigtingsinode besluit om hierdie kontrakte, regte en verpligtinge regsgeldig te verskans (*Agenda VGKSA Algemene Sinode* 1994:33). Die *Kerkorde* van die VGKSA maak voorsiening vir regsverkeer van die VGKSA met betrekking tot sy stoflike goedere, eiendom en fondse. Op die Stigtingsinode is met regspersoonlikheid en eiendomsreg beklee die Algemene Sinode, elke Streeksinode, elke Ring en elke Gemeente, elk waarvan die eienaar van sy goedere, eiendomme en fondse sal wees en elk waarvan regshandelinge kan aangaan, regte verkry en verpligtinge kan opneem en wat verteenwoordig word in en buite die reg deur die voorsitter en die skriba van die betrokke vergadering, en in die geval van gemeentes, die voorsitter en skriba van die Kerkraad, en in enige ander geval, enige ander persone aan wie so opdrag gegee word. (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994: 340). Die Stigtingsinode het besluit dat die *status quo* van die gemeentes handhaaf gaan word insake die eienaarskap van hul onderskeie stoflike goedere, eiendomme en fondse en dat die gemeentes se regspersoonlikheid in die onderskeie Kerkrade gevestig is (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:38). Die Stigtingsinode het ook die Permanente Kommissie vir Administrasie beklee met die bevoegdheid om bindende besluite vir die hele kerk te neem in dringende sake van administratiewe aard waarvoor die Stigtingsinode nie reeds voldoende reëlings getref het nie (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:43). Met betrekking tot die juridiese status van die plaaslike gemeente het die Stigtingsinode besluit dat elke gemeente ’n gemeenregtelike regspersoon is en as sodanig eienaar van sy goedere en fondse is. Die Kerkraad daarenteen is nie ’n regspersoon nie en neem in

verteenwoordigende hoedanigheid en slegs as bestuursliggaam namens die gemeente aan die regsverkeer deel (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:306).

Gedurende die negentigerjare het beide die NGSK en die NGKA groter bevoegdheid aan meerdere vergaderinge verleen (vergelyk Hoofstuk 45.4 en Hoofstuk 5.4.). Ook op die Stigtingsinode is groter gesag aan die meerdere vergaderings oor die plaaslike gemeentes verleen. Die Stigtingsinode het regspersoonlikheid verleen aan die Algemene Sinode, die Streeksinodes, Ringe en ander kerklike instellings soos deur die Stigtingsinode bepaal (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:39). Die Stigtingsinode het aan die Streeksinodes en Ringe die bevoegdheid verleen om regspersoonlikheid aan kerklike instellings onder hul beheer te verleen. Die Stigtingsinode het verder ook bepaal dat alle onroerende vaste bates van die bestaande Streeksinodes van die NGKA en die NGSK gevestig sal word in daardie Sinode binne wie se ressort die eiendom geleë was (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:38-40 asook en *Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:311-312, punt 3.18.1 en 3.18.2; punt 3.18.4; punt 3.22.2). Die VGKSA, Streeksinodes, Ringe en gemeentes het op die Stigtingsinode die oordrag en sessie van al die bates, regte en verpligtinge, niks uitgesluit nie vanaf die regspersone van die NGSK en die NGKA aanvaar en tree vervolgens in as die opvolger in reg en titel ten opsigte van alle bates, laste, regte en verpligtinge van die NGSK en die NGKA (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:313, punt 3.8 en *Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:50, aanbeveling 8). Met betrekking tot die verlening van volmag het die Stigtingsinode besluit dat vir die doeleindes van die oordrag en sessie van bates, regte en verpligtinge van die Algemene Sinode en Streeksinodes, Ringe en gemeentes van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



NGKA asook die Sinodes, Ringe en gemeentes van die NGSK aan die Algemene Sinode, Streeksinodes, Ringe, gemeentes van die VGKSA volmag te verleen om namens die Algemene Sinode en Streeksinodes, Ringe en gemeentes van die NGKA asook die Sinodes, Ringe en gemeentes van die NGSK, alle aksies te doen, regshandelinge te volvoer ten einde effek te gee aan die sessie wat met die besluit bewerkstellig was (*Acta VGKSA* 1994:314, punt 3.9 en *Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:50 asook *Kerkorde Streeksinode* 1994 bep 85.2).

Die gesamentlike gesprekskommissie het dit in hul verslag aan die Stigtingsinode benadruk dat dit absoluut noodsaaklik is dat albei Sinodes en al die Streeksinodes van die NGKA asook al die Ringe van die NGSK en die NGKA voordat hulle ophou om as regspersone te bestaan, deur op te gaan in ’n nuwe regspersoon, elk besluite moet neem en volledig notuleer dat hul, hul bevoegdheid aan die Stigtingsinode verleen om die regspersone tot stand te bring, dat hulle verklaar dat dit beskou sal word dat elkeen van hulle opgehou het om as regspersoon te bestaan en ontbind het op die Stigtingsinode (*Agenda VGKSA Algemene Sinode* 1994:39).

Met betrekking tot die kerkregtelike stryd tussen die VGKSA en NGKA kan ’n duidelike oorbeklemtoning van die bevoegdheid van die meerdere vergadering onderskei word. Die Algemene Sinode word onder andere beskou as die liggaam met die beslissende gesag in die kerkstruktuur. Daar word dus van die veronderstelling uitgegaan dat slegs 'n besluit (hetsy meerderheid of tweederdemeerderheid) van die verskillende Algemene Sinodes van die deelnemende kerke oor die sake rakende die

eenwording nodig is om die nuwe kerk tot stand te bring. Met die eenwording van die NGSK en die NGKA is hierdie proses gevolg en het die aanvanklike hofsaak oor die eenwording die VGKSA gelyk gegee (vergelyk hoofstuk 5.4) In die daaropvolgende appèlsaak (*Nederduitse Gereformeerde Kerk (OVS), Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (Phororo en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika* saaknommer 536/96) het die regters anders beslis. In hulle uitspraak stel die regters dit duidelik dat die Algemene Sinode nie in alle sake namens die hele kerk praat nie, omdat dit in die kerk nie eenvoudig om 'n meerderheidstem gaan nie. Die regte van minderhede was nie deur die besluite op die Stigtingsinode verskans nie. Die VGKSA het van die veronderstelling uitgegaan dat die bevoegdheid tot die ontbinding van 'n gemeente of die verandering van 'n kerkverband, by die Kerkraad berus en dat die bevoegdheid om 'n konstitusie van 'n vrywillige organisasie te wysig, die bevoegdheid insluit om die vereniging te ontbind. So 'n algemene beginsel bestaan nie volgens appèlregter Vivier nie (*Nederduitse Gereformeerde Kerk (OVS), Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (Phororo en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika* saaknommer 536/96:31). Volgens Vivier (supra saaknommer 536/96:42) bevat art 34.1 en 34.5 van die NGKA se kerkorde geensins 'n stilswyende bevoegdheid tot eensydige kerkvereniging en kerkstigting nie. Die Algemene Sinode het dus nie 'n inherente of swygende mag om besluite met betrekking tot kerkvereniging te neem nie. Volgens die VGKSA se betoog by die Appèlhof, is die bevoegdheid tot kerkvereniging en stigting van 'n nuwe kerk stilswyend ingesluit in die kerkorde. Vivier is van mening dat die belydenisgrondslag van 'n kerk nie na willekeur met 'n gewone meerderheid gewysig kan word nie. Die Appèlhof het nie ondersoek ingestel of die VGK regsgeldig gestig is

nie. Beide die Streeksinode van die NGKA OVS en die Streeksinode van die NGKA Phororo het erken dat die VGKSA regsgeldig bestaan (supra saaknommer 536/96:42). Die hof se uitspraak berus op die feit dat die wysigings art 36 en 61 van die kerkorde van die NGKA wat deur die Algemene Sinode van die NGKA aangebring is om samesmelting te bewerkstellig, ongeldig was. Die hof het bevind dat afsonderlike gemeentes regsentiteite is en as sulks wettige eienaars van hul goedere, eiendomme en fondse is. Die Algemene Sinode van die NGKA (1991) het dus buite haar bevoegdheid gehandel.

Met betrekking tot die bevoegdheid van die Algemene Sinode van die NGKA om te beskik oor die voorgesette regspersoon en bates van gemeentes, het appèlregter Harmse geoordeel dat sodanige bevoegdheid nie die meerdere vergadering toeval nie:

> As 'n vereniging van regspersone die bevoegdheid het om 'n konstitusie te wysig, sluit dit by noodwendige implikasie in dat die vereniging die pas vermeld beskikkingsbevoegdheid het. As die vraag in die konteks van, sê, 'n professionele of sportvereniging gevra word, is die antwoord 'n klaarblyklike nee. Byvoorbeeld, as 'n provinsiale tennisvereniging 'n blote wysigingsbevoegdheid van sy grondwet het, kan hy hom tog nie die reg toeëien om oor die bates van elke klub wat by hom geaffilieer is, te beskik nie. By 'n kerk met 'n samestelling soos die NGKA kan dit nie anders wees nie. Die Algemene Sinode kan dus nie by wyse van 'n wysiging aan die kerkorde, beskik oor die regspersoon, voortbestaan, bates en laste van enige mindere vergadering nie. Volgens die bevoegdheid van vrywillige verenigings om hul grondwet te wysig, word dit beperk tot wysigings wat redelikwys geag word binne die beskouing en bedoeling van die partye wat tydens die sluiting van die kontrak, inagnemende die aard en al die omstandighede van die kontrak.
>
> (supra saaknommer 536/96:28)

Die besluite van die Stigtingsinode met betrekking tot eiendomsreg is ongehoord aan die Doleansiekerkreg. Artikel 84 van die DKO stel dit duidelik dat die kerke en/of ampsdraers geen heerskappy oor mekaar sal uitoefen nie. By implikasie het die $meerdere vergadering en/of haar kommissies nie meerdere bevoegdheid oor mindere

vergaderinge nie. Die Gereformeerde kerkreg staan elke vorm van opperbestuur en heerskappy teen, maar staan die verlening van advies en hulp voor. Die Doleansiekerkreg beklemtoon dat die gesag van die meerdere vergaderinge daarop berus dat afgevaardigdes van die plaaslike gemeentes daarheen afgevaardig word. Die Doleansiekerkreg is afwysend teenoor 'n hiërargiese bestuurswyse. 'n Sinodale kommissie en of Sinode wat gevolglik as hoë bestuursliggaam optree, is ongehoord aan die Doleansiekerkreg.

Op die Stigtingsinode van die VGKSA is die *Algemene Reglement Betrekking met kerke van die NG Kerkfamilie* as reglement aanvaar (*Algemene Sinode Kerkorde* 1994:86) Volgens dié reglement is die besluit van die Algemene Sinode van die VGKSA, indien die Algemene Sinode sou besluit om met een of meer kerke binne die familie van die NG Kerke struktureel te verenig en sodanige besluit volvoer word, bindend op die Streeksinode en al die Ringe en gemeentes binne sy ressort:

> Sodanige gemeentes sal juridies ontbind en hersaamstel as 'n gemeente van die verenigde kerk op daardie datum waarop die vereniging met sodanige een of meer spesifieke kerk in werking tree en vanaf welke datum alle regte, verpligtinge, bates en laste van welke aard ook al sal oorgaan en vestig in die gemeente van die verenigde kerk, en alle bekleders van ampte ingelyks sodanige ampte sal beklee in die gemeente van die verenigde kerk, en enige Reglement van Orde en Bepalinge en alle bestaande besluite geneem voor ontbinding sal *mutatis mutandis* van krag bly en sal staan as besluite van die gemeente van die verenigde kerk tot die herroeping of wysiging daarvan deur die bevoegde vergadering van die gemeente van die verenigde kerk.
>
> (*Kerkorde VGKSA Algemene Sinode* 1994:86)

Op die Stigtingsinode het die mindere en meerdere vergadering juridies ontbind en was dit hersaamgestel as daardie vergadering soos bepaal ingevolge die *Kerkorde* van die verenigde kerk en die oorgangsbepalings. Op die Stigtingsinode het alle regte, verpligtinge, bates en laste van welke aard ook al van beide die mindere en meerdere

vergaderinge oorgegaan en was dit gevestig in sodanige vergaderings van die verenigde kerk. Die Stigtingsinode het verder ook bepaal dat die reglemente, kerkordelike bepalinge en alle bestaande besluite wat voor ontbinding geneem was sou *mutatis mutandis* van krag bly en sou staan as besluite van die sodanige vergaderings van die verenigde kerk tot die herroeping of wysiging daarvan deur sodanige bevoegde vergaderings van die verenigde kerk in soverre dit nie strydig is met enige besluit van die Stigtingsinode nie (*Kerkorde VGKSA Algemene Sinode* 1994:86).

Die *Algemene Reglement Betrekking met kerke van die NG Kerkfamilie* asook die wysiging van art 36 en 61 en besluit 1.1.34 van die NGKA Sinode 1991 is die afgelope dekade in hofsake tussen die VGKSA en NGKA oor die reg op kerkeiendomme bewys as *ultra vires,* aangesien die lokale regte dit wil sê die regte met betrekking tot eiendomme, finansies ensovoorts van die plaaslike gemeentes deur genoemde reglement en of bepalinge van die NGKA en VGKSA eensydig op die Stigtingsinode opgehef was en/of opgehef kon word (sien hoofstuk 4.5. asook hoofstuk 5.4 *Nederduitse Gereformeerde Kerk (OVS), Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (Phororo) en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika* saaknommer 536/96). In die Koppies-saak (sien Hoofstuk 5.4) het regter Musi uitspraak teen die VGKSA gelewer, alhoewel die aktuarius van die Algemene Sinode, Petrus Makoko, op die hofsaak die *Algemene Reglement Betrekking met kerke van die NG Kerkfamilie* ter verdediging van die VGKSA se saak, voorgehou het (*Koppies Gemeente van die NGKA–OVS en die Koppies Gemeente van die VGKSA* saaknommer 2287/1999).

Volgens bovermelde hofuitsprake het die besluite van die Stigtingsinode die selfstandigheid van die plaaslike gemeentes van beide die NGSK en die NGKA in gedrang gebring. Op die Stigtingsinode kom die aanvaarding van die *Konsep Kerkorde* en tersaaklike besluite met regsimplikasies nie slegs neer op ’n naamsverandering nie, maar kom dit uiteindelik neer op die wysiging van die regsentiteit van die onderskeie kerke (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:130).

By die Stigtingsinode, het die latere hofuitsprake getoon (vergelyk Hoofstuk 4.5.4 en Hoofstuk 5.4), het beide die deelnemende kerke se Sinodes, Streeksinodes en Ringe juridies ontbind en was die nuwe regspersone van die VGKSA aangetoon. Volgens die besluite van die Stigtingsinode was geen verdere regshandelinge van plaaslike gemeentes vereis nie, alhoewel daar tog op die Sinode ’n oordrag van regte en verpligtinge of bates bewerkstellig was. Die tyd sou leer dat al bogenoemde besluite met betrekking tot sedering van eiendomsreg van NGKA en die NGSK na die VGKSA asook alle ander besluite met betrekking tot kerkeenheid, die wysiging van die belydenisgrondslag, die eensydige ontbinding van die NGKA as afsonderlike kerk *ultra virus* was (vergelyk Hoofstuk 4.5.4 en Hoofstuk 5.4). By die VGKSA is daar ’n afwesigheid, selfs na die hofuitsprake (vergelyk Hoofstuk 4.5.4 en Hoofstuk 5.4) om die tersaaklike kerkordelike bepalings en reglemente byvoorbeeld *Algemene Reglement Betrekking met kerke van die NG Kerkfamilie* wat betrekking het op regspersoonlikheid en/of eiendomsreg wat as *ultra vires* bewys was, kerkregtelike te beoordeel, te wysig, te amendeer, of selfs indien nodig te skrap. Veeleerder was die afgelope dekade gepoog om in weerwil van hofuitsprake voort te gaan met hofgedinge teen die NGKA

(*Kerkorde VGKSA Streeksinode* 1994 bep 85.3).

In die geval van die plaaslike gemeente, is die regspersoon gesetel in die gemeente en nie in die Kerkraad nie. Op die Streeksinode Kaapland van die VGKSA (2002) is bepaal dat die Kerkraad van die lidmate *toestemming* verkry vir handelinge wat vir die lidmate gevolge het, soos die aankoop of vervreemding van eiendom, aanvaarding van finansiële verpligtinge: "Om onroerende eiendom op die gemeente se naam geregistreer te verkoop en om onroerende eiendom te koop, onderhewig aan die vooraf verkreë toestemming deur die gemeente" (Kerkorde *VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:Reglement 8. 6.2). Dié Streeksinodale bepaling bevestig dat die plaaslike gemeente 'n komplete selfstandige kerk is en dus, in terme van die gemenereg, 'n regspersoon is en dat die toestemming van lidmate nodig is vir handelinge wat vir die lidmate gevolge inhou. Die meerdere vergadering het hiervolgens klaarblyklik slegs beperkte gesag en mag, wat begrens word deur die *Kerkorde*. Verder word die meerdere vergaderinge hierdeur beperk om hul in sake van plaaslike aard te bemoei, byvoorbeeld die bewaring en/of aanwending van gemeentelike fondse of eiendom is sake wat deur die plaaslike Kerkraad hanteer behoort te word. Die Stigtingsinode het besluit dat die Algemene Sinode regspersoonlikheid mag verleen aan enige instelling wat die kerk in die lewe roep of wat in verband met die werksaamhede van die kerk staan (punt 3.22.5 in *Acta Algemene Sinode VGKSA* 1994:312 en *Skema Algemene Sinode VGKSA* 1994:41-42). Beide die meerdere vergadering en die mindere vergadering het die reg om goedere, eiendomme en fondse te besit en te administreer (*Kerkorde VGKSA Streeksinode* bep 85.1). Alle stukke wat op die regshandelinge van die Kerkraad betrekking het, word deur die voorsitter en skriba

van die Kerkraad onderteken, of deur enige ander persone aan wie die Kerkraad so 'n opdrag gee: "Alle stukke wat op die regshandelinge van die Kerkraad betrekking het word deur die voorsitter en skriba van die Kerkraad onderteken, of deur enige ander persone aan wie die Kerkraad so 'n opdrag gee" (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 85.4).

Op die Stigtingsinode is dit in die vooruitsig gestel dat reëlings met die aktekantoor getref moes word rakende die liassering van 'n algemeen dekkende besluit van die Stigtingsinode wat sou meebring dat dit nie nodig sou wees om kostes aan te gaan om al die onroerende bates van die NGKA en die NGSK oor te dra en te vestig in die name van die opeenvolgende regspersone nie (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:135). Die Kommissie van Administrasie het op die Streeksinode van die VGKSA Kaapland 1994 kennis gegee dat die liassering van so 'n algemeen dekkende besluit regstegnies nie moontlik is nie (*Acta VGKSA Streeksinode Kaapland* 1994:D3).

### 7.2.3. Die karakter van die kerkverband

#### 7.2.3.1. Kerkvergaderings

Op die Stigtingsinode is die VGKSA saamgestel uit een Algemene Sinode, ses Streeksinodes, 85 Ringe, 763 gemeentes, 496 733 belydende lidmate en 542 873 dooplidmate (*Jaarboek VGKSA* 1994). Vier kerkvergaderings word in die *Kerkorde* van die VGKSA onderskei, naamlik die Kerkraad, Ring (*classis*), Streeksinodes (*Partkuliere Sinodes*) en die Algemene Sinode (*Landelike Sinode*) (vergelyk DKO art 29). In die vier kerkvergaderings word die verband tussen die gemeentes sigbaar tot uitdrukking gebring

(*Kerkorde VGKSA Algemene Sinode* 1994: artikel 8). Na gelang van die omstandighede kan die Sinodes 'n nouer of breër karakter aanneem. Op die Stigtingsinode was ses Streeksinodes goedgekeur, naamlik Noord-Transvaal, Suid-Transvaal, Oranje-Vrystaat, Kwa-Zulu Natal, Phororo (Noord-Kaapland) en Kaapland (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:23). Die Ring van Namibië, bestaande uit elf gemeentes, het op die Stigtingsinode besluit om by Kaapland in te skakel (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:300). Op die tweede Algemene Sinode van die VGKSA te Mooigenoeg, Bloemfontein (1997) is toestemming verleen dat die elf VGKSA gemeentes in Namibië met die gemeentes van Evangeliese Gereformeerde Kerk in Afrika (=EGKA) as 'n aparte Sinode kon konstitueer.[3] Die VGKSA het met die *Reglement vir inlywing van gemeentes uit ander kerke* daarvoor voorsiening gemaak dat gemeentes buite kerkverband wel by die VGKSA ingelyf kan word (*Kerkorde VGKSA Streeksinode* 2004:182). EGKA het op grond van die *Reglement vir inlywing van gemeentes uit ander kerke* gedurende 1997 met die VGKSA verenig (Lombard en Hunter 1995:32). Volgens dié *Reglement* kan gemeentes wat verlang om by die VGKSA ingelyf te word, aansoek om inlywing by die naaste Ring doen. Die *Reglement* bepaal dat aan die betrokke Ring van die VGKSA moet, alvorens daar tot inlywing oorgegaan word, op 'n

---

[3] EGKA het op 3 Julie 1975 as gevolg van die sendingaksie van die NGK in Namibië (toe bekend as Suidwes-Afrika) tot stand gekom. Die Teologiese skool te Orumana, in Kaokoland, was die sentrum van die sendingaksie. Werkkringe is aanvanklik gestig. Later was volwaardige gemeentes te Orumana asook Takuasa in Kavango en Onuno in Ovambo gestig (Lombard & Hunter 1995:21-22): "Vandag kan ons maar prontuit sê dat EGKA die negende apartheidskerk van die NGK geword het, en soos ander swart kerke, is EGKA ook met 'n volle blanke moderatuur begin, en was sendelinge slegs ampshalwe "lidmate" van die nuwe kerk" (Lombard & Hunter 1995:22). Die NGK het die teologiese opleiding beheer, was die besitters van die eiendom van EGKA, het EGKA totaal finansieel beheer en het eensydig besluite geneem, byvoorbeeld sonder enige sinodale besluite of kerkregtelike wysigings het die NGK se kommissie vir teologiese opleiding besluit om evangeliste op te gradeer tot predikantstatus (Lombard & Hunter 1995:26). Die besluite het volgens ds Tingaete, 'n predikant van EGKA, groot ongelukkigheid by EGKA veroorsaak, aangesien die kerkregtelike prosedures en selfregering daardeur in gedrang gebring was (Lombard en Hunter 1995:26). Die NGK het ook eensydig, sonder selfs konsultasie van die EGKA moderamen , die EGKA verdeel in vier streke, te wete Ovambo, Kavango, Sentraal en Oos (Lombard & Hunter 1995:26-27). Die NGK het in 1991 toestemming verleen, sonder om die Algemene Vergadering van EGKA in die besluit te ken, dat EGKA Oos by die NGK kon aansluit (Lombard & Hunter 1995:28). Op die Sinode van EGKA (1991) was dit sterk beklemtoon dat EGKA 'n outonome kerk met 'n eie struktuur is: "Daar is ook vergaderings (Kerkraad, Streeksinode en Algemene Sinode) waar belangrike besluite geneem word. Ons voel egter dat hierdie strukture gerespekteer moet word. Wanneer daar oor iets gepraat word wat die EGKA raak, moet EGKA in die saak geken word. Die eensydige NGK besluite moet ophou en daar moet erns gemaak word met gesprekke met EGKA" (Lombard & Hunter 1995:32).

wyse wat vir die Ring voldoende is, bewys gelewer word dat alle vereistes met betrekking tot uittrede uit die kerkverband nagekom is. Ingeval van gemeentes buite die kerkverband byvoorbeeld die RCA, NGKA en NGK moet die betrokke Kerkraad skriftelik bewys lewer dat hul met 'n tweederdemeerderheidsbesluit hul belydenisgrondslag indien dit anders is as dié van die VGKSA gewysig het. Die Kerkraad moet ook met 'n tweederdemeerderheidsbesluit die *Kerkorde* van die VGKSA aanvaar en by wyse van 'n plegtige verklaring die gemeente daaraan verbind en onder die toesig daarvan plaas. Die inlywing kan egter nie voltooi word voordat die toestemming van die Algemene Sinodale Kommissie/Algemene Sinode verkry is nie. Die Ringskommissie handel volgens die *Reglement* op las van die Ring die inlywing af ná die bepaling van grenslyne. Sodra die inlywing geskied het, verwittig die skriba van die betrokke Ring die scriba sinodi van die inlywing van die betrokke gemeente, vermeld die naam, grenslyne, name van die diensdoenende kerkraadslede, konsulent en die naam van Ring waaronder die ingelyfde gemeente ressorteer, wat dit in die amptelike organe van die Kerk sal publiseer. Die ressort van 'n gemeente word deur 'n Ring bepaal, die ressort van 'n Ring deur 'n Streeksinode en die ressort van 'n Streeksinode word op voordrag van die Streeksinode deur die Algemene Sinode bepaal (*Kerkorde Streeksinode* 2006: art. 9.8 en 10.6).

> 48.1 As uitdrukking van die kerkverband en met die oog op behoorlike kerklike dissipline word naburige gemeentes onderling tot Ringe gegroepeer.
>
> 48.2 Wanneer 'n Ring dit nodig ag, kan tot verdeling van die ressort en/of wysiging van sy omvang oorgegaan word. Genoemde verdeling en/of wysiging kan nie sonder die goedkeuring van die Streeksinode geskied nie.
>
> (*Kerkorde Streeksinode* 2006: bep 48)

Op Algemene Sinode van die VGKSA (1997) is die aansoek van die EGKA om met die

VGKSA te verenig met 'n tweederdemeerderheid goedgekeur, aangesien hul al die vereistes van bovermelde Reglement nagekom het (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1997:57). Die Algemene Sinode van EGKA (1995) het besluit om een te word met die VGKSA en het ook met 'n tweederdemeerderheid die *Belydenis van Belhar* in beginsel goedgekeur en het die besluit na die onderskeie Streeksinodes van EGKA verwys vir finale goedkeuring (Lombard en Hunter 1995:32 en *Skema VGKSA Algemene Sinode* 1997:57). Alle gemeentes en predikante van EGKA het hul bereid verklaar om een te word met die VGKSA. Alle kerklike vergaderinge van EGKA (Kerkrade, Streeksinodes en Algemene Sinode) het 'n ontbindingsklousule aanvaar waarin voorsiening gemaak is vir die ontbinding van EGKA, die vereniging van die VGKSA, asook die oordrag van eiendomme, bates en laste van die onderskeie regspersone na die ooreenstemmende regspersone van die VGKSA. EGKA het ook die *Kerkorde en Reglemente van die VGKSA* se Algemene Sinode as basis vir kerkvereniging aanvaar (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1997:423-424). Op voetspoor van die Doleansiekerkreg erken die EGKA hierdeur die gesag van die Kerkraad van die plaaslike gemeente, wat nie op die meerdere vergadering oorgedra kan word nie nog minder op 'n ander kerk asook die vrywillige karakter van die kerkverband. Op die Algemene Sinode van die VGKSA (1997) was EGKA se aansoek met die vereiste tweederdemeerderheid goedgekeur (1997:496). Die ondertekening van die *Akte van Eenwording* tussen die VGKSA en die EGKA het tydens dieselfde Sinode plaasgevind (*Acta Algemene Sinode VGKSA* 1997:426).

Die Stigtingsinode van die VGKSA ( 1994) het verder ook besluit dat die Ringe van die

NGSK en die NGKA binne bepaalde geografiese grense saamsmelt en het die grense van sodanige Ringe bepaal (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:300). Al die gemeentes van die twee kerke binne 'n betrokke gebied sou deel uitmaak van een Ring (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:22). Wysigings of verdeling van die Ring kan volgens bep. 48.2 nie sonder goedkeuring van die Streeksinode plaasvind nie. Slegs die Ring het volgens bep 54.4 die reg om 'n gemeente op te hef (*Kerkorde Streeksinode VGKSA* 2002:bep 48). Sodanige opheffing vind egter plaas met inspraak van die plaaslike gemeente.

Die beginsel van die breë verband ( Streeksinodes en Algemene Sinode) word as primêre uitgangspunt by die opstel van die *Kerkorde* aanvaar (*Skema Algemene Sinode VGKSA* 1994:8). Die afvaardigings van die NGKA en die NGSK het in 'n *Beginselverklaring* verklaar dat dit hul gemeenskaplike oortuiging is dat die Bybelse leer oor die eenheid van die kerk en die Gereformeerde opvatting oor sigbare eenheid van die kerk gestalte moet vind in die een NGkerkverband wat volgens die Gereformeerde kerkreg georganiseer is (*Skema Algemene Sinode VGKSA* 1994:10).

Die kerkverband dra by die VGKSA op die voetspoor van die Doleansiekerkreg, 'n konfederatiewe karakter en kom tot stand deur die vrywillige aansluiting van die plaaslike kerke. Die plaaslike gemeentes van die VGKSA tree vrywillig toe tot die kerkverband en is derhalwe verplig tot die aanvaarding van besluite van die meerdere vergadering en/of hulle aan sinodale gesag te onderwerp, maar gee daardeur nie die selfstandigheid van die plaaslike gemeente prys nie. Niemand, geen kerk of staatsmag

kan ’n kerk dwing om in kerkverband te tree nie. In die kerkverband behou die plaaslike gemeente haar vryheid en is volkome gelyk met ander gemeentes. Sonder die vrywillige aansluiting is die kerkverband nie moontlik nie. Die VGKSA beskou die kerkverband as noodsaaklik, vanweë die innerlike eenheid van die kerk van Christus. Die kerkverband het egter geen absolute bindende krag nie. Uittrede uit die kerkverband is moontlik soos dit duidelik blyk uit die hofsake tussen die VGKSA en die NGKA sedert 1996 (vergelyk Hoofstuk 4.5.4 en Hoofstuk 5.4). Talle gemeentes het sedert 1996 buite die VGKSA verband getree en het as die voorsetting van die NGKA gekonstitueer.

Die plaaslike kerk, by die VGKSA, as sigbare instituut gaan die kerkverband vooraf. As uitdrukking van die eenheid van die kerk, kom die gemeentes van die VGKSA, kragtens die bevel van Christus om mekaar te dien, in kerkvergaderings saam by wyse van verteenwoordiging, met die oog op gesamentlike beraadslaging oor sake wat al die gemeentes raak. In die meerdere vergadering kom die afgevaardigdes, met geloofsbriewe, van die plaaslike gemeentes byeen. Aan afgevaardigdes word slegs sittingreg en stemreg verleen op meerdere vergaderinge, indien hul in besit is van geldige geloofsbriewe (*Kerkorde Streeksinode VGKSA* 2002:bep 45.1 en 45.2). Die Kerkraad van elke gemeente binne die Ringsressort vaardig hul leraar en ’n kerkraadslid af na die Ringsvergadering. Indien die gemeente meer as een leraar het, vaardig die gemeente al die diensdoenende leraars en ’n gelyke getal kerkraadslede af na die Ringsvergadering (*Kerkorde Streeksinode VGKSA* 2002:bep 49.1-49.4 ). ’n Vakante gemeente vaardig óf ’n ouderling, óf ’n diaken óf ’n evangelis na die Ringsvergadering af, dit wil sê slegs een afgevaardigde. Afgevaardigdes na die Streeksinode tree op as die wettige lede van die

Ringsvergadering wat tydens die vergadering van die Streeksinode konstitueer en fungeer tot by die eersvolgende Ringsvergadering (*Kerkorde Streeksinode VGKSA* 2002:bep 49.1-49.4). Bep 56.1 tot 56.3 dui aan dat die Kerkraad van elke gemeente binne die ressort van die Streeksinode sy leraar en 'n kerkraadslid na die vergadering van die Streeksinode afvaardig. Indien die gemeente meer as een leraar het, vaardig die gemeente al hul leraars en 'n gelyke getal kerkraadslede af na die vergadering van die Streeksinode. 'n Vakante gemeente vaardig óf 'n ouderling óf 'n diaken óf 'n evangelis na die vergadering van die Streeksinode af, dit wil sê, slegs een afgevaardigde.

**7.2.3.2. Die kerkverband en die belydenisgrondslag**

Die VGKSA vind ook 'n noue aansluiting by die Doleansiekerkreg in hul sterk aksentuering van die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap. Die feit dat die NGSK vier belydenisskrifte teenoor die drie van die NGKA het, het die Gesamentlike Gesprekskommissie (=GGK) genoodsaak om selfs regsmening oor die saak voor die kerkeenwording in te win. Daar was gevolglik besluit om die *Belydenis van Belhar* op die Stigtingsinode by die *Konsep Kerkorde* te voeg (*Skema Algemene Sinode VGKSA* 1994:8). Die belydenisgrondslag van die VGKSA word in art 2 van die *Kerkorde* soos volg omskryf:

> Die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika aanvaar die ekumeniese belydenisse, te wete die Apostoliese Geloofsbelydenis en die Belydenisse van Nicea en Athanasius; kragtens die kerk se eie oorsprong, glo die kerk ook dat die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls suiwer uitdrukking aan die kerk se geloof gee soos dit deur die geskiedenis oorgelewer is; die Kerk aanvaar verder die Belydenis van Belhar soos wat dit tans van dié kerk in die Suider-Afrikaanse situasie vereis word.
>
> (*Kerkorde Algemene Sinode VGKSA* 1994:art 2)

Die VGKSA aanvaar dat die taak van die kerk in belydenisvorming nie afgehandel is nie. In die toekoms mag veranderde omstandighede en ’n beter verstaan van die Woord van God lei tot die aanvaarding van verdere belydenisskrifte, of die wysiging van bestaande belydenisskrifte. Die VGKSA gaan van die veronderstelling uit dat kerkeenheid alleen moontlik is by kerke wat ’n gemeenskaplike belydenis het. Gods Woord, die belydenis en die kerklike verordenings is die akkoord van kerklike gemeenskap. Wie nie volgens die akkoord handel nie, kan nie as lid van die VGKSA erken word nie (*Acta Algemene Sinode VGKSA* 2005:8). Die belydenis vorm die basis van die kerkverband. Die VGKSA erken die geestelike outonomiteit van die plaaslike kerk en dat plaaslike kerke met mekaar in verband staan op grond van hul belydenis. Al die kerkvergaderinge is verbind aan ’n interne verbandsreg wat in die Bybel, belydenisskrifte en kerkorde opgesluit.

Die VGKSA beklemtoon ook die konfessionele integriteit van alle ampsdraers. Die Kandidate tot die Heilige Diens word deur die Kuratorium met kennisgewing aan die Permanente Regskommissie van die Algemene Sinode gelegitimeer, nadat hulle ’n legitimasie-akte waaruit hul verbondenheid aan die Formuliere van Enigheid - naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis (*Confessio Belgica*), die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls en die *Belydenis van Belhar* (1986)- duidelik blyk, onderteken het Die onderskrywing van die belydenisskrifte is dus verpligtend by die VGKSA. In die legitimasie-eed verklaar die Kandidate tot die Heilige Diens in alle opregtheid voor die Here en bevestig dit met hul handtekening, dat hul van harte glo dat al die artikels en stukke van die bogenoemde leer ooreenkom met God se Woord en belowe hul om die

genoemde leer te leer en in hul wandel getrou te handhaaf, sonder om iets teen dié leer, hetsy regstreeks of onregstreeks te leer of te skrywe. Hulle verwerp ook daarmee alle dwalinge wat teen die leer stry, en beloof om dit te weerlê, teë te spreek en alles in hul vermoë te doen om dit uit die kerk te weer (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002: Reglement 16 ).

**7.2.3.3. Die kerkverband en kerkeenheid (2000-2008)**

Sedert 2001 vind daar 'n gaandeweg terugkeer tot die *oud kerkrecht*, met die sterk klem op die selfstandigheid van die plaaslike gemeente, die konfederatiewe karakter van die kerkverband asook die beperkte gesag en bevoegdheid van die meerdere vergadering plaas. Dit blyk duidelik ondermeer in die kerkherenigingsgesprekke. Met die oog op kerhereniging het etlike Konvente tussen die NGK en VGKSA gedurende 2001 tot 2007 plaasgevind. Die eerste Konvent tussen die NGK Wes en Suid-Kaap Sinode, NGK Oos Kaap Sinode en die VGKSA Streeksinode Kaapland het op 24 en 25 Julie 2001 te Hawekwa, Wellington plaasgevind. Met Konvent word voorveronderstel dat die vergaderde kerke nie selfstandige liggame of strukture met eie bevoegdheid naas of buite die deelnemende kerke om is nie. 'n Konvent in teenstelling met 'n Kerkraad, Ring, Sinode is immers 'n byeenkoms van persone uit kerke wat nie in dieselfde sin afgevaardigdes van die deelnemende kerke is nie en daarom ook nie die bevoegdheid het om besluite te neem wat sonder meer bindend is op die kerke waaruit hul kom nie (*Notule Konvent* 2001:3). Die deelnemers van die twee kerke kon wel vooraf oor sekere beginsels wat in die Konvent gehandhaaf en uitgebou moes word, ooreen kom. Die Konvent kon uitsprake en verklarings oor sake van gemeenskaplike belang maak met

verslag aan die onderskeie deelnemende Sinodes. Die outonomiteit van die beide die NGK en VGKSA was dus nie deur die Konvente ingeboet nie (*Notule Konvent* 2001:3). Die Konvente is saamgestel uit die moderature van die deelnemende Sinodes van die NGK en die VGKSA plus vier lede soos aangewys deur die Sinodale Kommissies van die VGK, en een leraar en twee kerkraadslede uit elke Ring van die twee NGK Sinodes en twee leraars en twee kerkraadslede uit elke Ring van die VGK Sinode. (*Streeksinode Kaapland Kerkorde* 2002:Reglement 40). Die besluite van die Konvent moes afsonderlik deur elke deelnemende Sinode bekragtig word alvorens dit bindend op die betrokke Sinode is. Die Konvent kan egter uitsprake en verklarings oor sake van gemeenskaplike belang maak met verslag aan die Sinodes (*Streeksinode Kaapland Kerkorde* 2002: Reglement 40). Die Konvente het dus slegs beperkte besluitnemingsbevoegdheid gehad aangesien die besluitnemingsbevoegdheid by die meerdere vergaderinge van die deelnemende kerke gelê het.

Op die Konvent van Hawekwa is die drie oud-kerklike Ekumenies simbole, die Drie Formuliere van Enigheid en die *Belydenis van Belhar* as basis en riglyn vir sy gesprek oor kerkeenheid geneem (*Notule Konvent* 2001:3). Die Konvent het ook aanbeveel dat die *Belydenis van Belhar* ingesluit word in die belydenisgrondslag van 'n groter verenigende kerk op 'n wyse wat die eenwordingsproses dien en dat die Uitvoerende Komitee van die Konvent inisiatief neem in die daarstelling van 'n gesamentlike en eietydse uitleg van die *Belydenis van Belhar*. Dit geskied met die oog op 'n gesamentlike erkenning dat die ware Christelike geloof daarin vervat is, wat uiteindelik tot 'n gesamentlike belydenis daarvan aanleiding kan gee. Die Konvent aanvaar die

moontlikheid dat in die lig van nuwe geloofsuitdagings 'n nuwe Verenigde Kerk tot verdere geloofsuitdrukking sou kon kom (*Notule Konvent* 2001:3). Na die Konvent in 2001 het verskeie werkgroepe en *ad hoc* kommissies in samewerking met die Uitvoerende Komitee van die Konvent oor sleutelaspekte ten opsigte van Kerkhereniging navorsing gedoen. Die VGKSA beklemtoon op die Konvent dat die plaaslike kerk die uitgangspunt vir hul kerkregering is en dat hierdie plaaslike kerke konfederatief verbonde word op grond van 'n kerkorde en 'n belydenisgrondslag.

Op die tweede Konvent wat op 22 en die 23 Junie 2004 te Brackenfell plaasgevind het, is etlike studiestukke onder bespreking gebring.[4] Uit die studiestukke blyk dit dat die VGKSA volledige organiese kerkeenheid voorstaan, wat beteken dat daar op alle vlakke, dit wil sê gemeentelike, Rings- asook Sinodale vlak, volledige eenwording moet kom. Die VGKSA aksentueer onder andere die konfederatiewe karakter van die kerkverband en die plig om die verband aan te gaan en in stand te hou Die VGKSA staan afwysend teenoor strukturele eenheid buite die *Belydenis van Belhar* en keur enige vorm van leervryheid af. Die VGKSA beklemtoon dat die eenheid van die kerke in hul gemeenskaplike belydenis lê en dat die konfederatiewe verband met die gemeente vrywillig aangegaan word en dat daardeur geen nuwe kerk ontstaan nie. Die Konvent stel op aandrang van die VGKSA die volgende as die belydenisgrondslag van 'n nuwe herenigde kerk voor:

[4] Die volgende studiestukke was bespreek: Die kerkregtelike vereistes vir eenwording volgens die Kerkorde van die VGKSA ('n Inset vanuit VGK-perspektief), Model vir kerkeenheid VGKSA en die NGK ('n Inset vanuit VGK-perspektief), Kerkregtelike beoordeling en / of Besluitnemingsbevoegdheid van die eenheidsinode ('n Inset vanuit VGK-perspektief), Kerkordelike sake ter sprake by die eenwording van die VGK en die NG Kerk ('n Inset vanuit NGK-perspektief), Opmerkings oor die Belydenis van Belhar ('n Inset vanuit die werkgroep vir die eietydse uitleg van die Belydenis van Belhar), Inleidende opmerkings by die Begeleidende Brief - Belydenis van Belhar ('n Inset vanuit die werkgroep vir die eietydse uitleg van die Belydenis van Belhar), Kerkordelike riglyne vir die herenigingsproses tussen die VG Kerk en NG Kerk vanuit 'n NG Kerk-perspektief, 'n Model vir 'n herenigende kerk tussen die VG Kerk en die NG Kerk vanuit 'n NG Kerk perspektief, 'n Model vir 'n gesamentlike Sinode tussen die Sinodes van NG Kerk Wes- en Suid-Kaapland NG Kerk Oos-Kaapland en VG Kerk Kaapland vanuit 'n NG Kerk perspektief (www.ngkok.co.za).

> 1. In die belydenisgrondslag van die nuwe herenigde kerk is die Belydenis van Belhar 'n volwaardige vierde belydenis saam met die Drie Formuliere van Eenheid, die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.
> 2. Dit impliseer dat van predikante en proponente van die nuwe herenigde kerk verwag sal word om hierdie belydenisgrondslag te onderteken.
> 3. Indien gemeentes en predikante met eenwording nie dadelik gereed voel om Belhar as belydenisskrif te aanvaar nie, word voorgestel dat 'n pastorale pad van gesprek en begeleiding met die oog op die aanvaarding van die belydenis gevolg word.
> 4. Die Konvent spreek die wens uit dat sover moontlik alle lidmate van die familie meegeneem sal word op die pad van eenwording. Ons versoek die kerke om alles in hul vermoë te doen om dit te bereik juis omdat die Woord van God ons oproep om die eenheid van alle gelowiges te bewaar en te koester.
>
> (*Agenda Konvent Brackenfell* 2004:5)

Die volgende voorstel oor 'n model vir kerkeenheid dien voor die vergadering en word die besluit van die vergadering:

> 1. Die gewone presbiteriale struktuur van 'n gemeente, ring, streeksinode en Algemene Sinode word gevolg.
> 2. Ten opsigte van gemeentes word 'n spontane proses van herrangskikking voorgestel waarby plaaslike omstandighede en geleenthede 'n sterk rol sal speel – met die onderneming dat gemeentes nie van buite in prosesse ingedwing sal word nie. Plaaslike kerkrade behou dus die besluitnemingsbevoegdheid oor die inrigting van die plaaslike gemeente. In die besluit word rekening gehou met die unieke aard van gemeentes.
> 3. Vanaf gemeente tot Algemene Sinode vorm dit organies een kerkverband.
> 4. Streeksinodes en ringe moet toesien dat strategieë uitgewerk word om gemeentes nader aan mekaar te bring, asook strategieë vir die vorming van nuwe gemeentes.
> 5. Die model moet rekening hou daarmee dat bydraes van ander rolspelers in die familie van kerke noodwendige invloed sal hê in die formulering van toekomstige eenheidsmodelle
>
> (*Agenda Konvent Brackenfell* 2004:5)

In 2005 het die Algemene Sinode van die VGKSA die *Reglement vir die kombinasie van werksaamhede van gemeentes, Ringe en Sinodes asook kommissies van Sinodes uit verskillende kerkverbande* goedgekeur (*Skema Algemene Sinode* 2005: 471-472). Daardeur was gepoog om die kombinering en/of amalgamering van werksaamhede van die deelnemende kerke kerkregtelik te bestuur. Die bedoeling van dié Reglement was egter nie gemik op kerkhereniging nie, maar was daarop gemik om voetspoor van die Samen op Wegproses die amalgamering van werksaamhede van die deelnemende kerke kerkordelik te reël.

Op 22 tot 25 Junie 2006 te Esselenpark het die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) van die VGKSA en die Moderamen van die NG Kerk (die uitgebreide uitvoerende komitees) vergader. Dit was 'n historiese byeenkoms – die eerste keer dat so 'n groot groep uit die leierskap van die twee kerke saam vergader het. Aan die einde van die vergadering het die leiersgroep hul eenparig verbind om hul kerke daadwerklik te begelei in 'n proses van eenwording. Daar was beoog om die proses binne drie jaar te voltooi (*Esselenpark Verklaring* 2006:1). In die praktyk kon die ideaal weens talryke kerkregtelike problematiek nie verwesenlik word nie. Die Algemene Sinodale Kommissie van die VGKSA en die Moderamen van die NG Kerk het in die vooruitsig 'n nuwe, organies-verenigde, gereformeerde kerk, georganiseer volgens sinodale presbiteriale beginsels, wat missionêr leef en verbind is aan die Bybelse opdragte van liefde, versoening, geregtigheid en vrede gestel (*Esselenpark Verklaring* 2006:1). In die gees van versoening en ondersteuning van mekaar op die weg na hereniging het die ASK van die VGKSA die oortuiging uitgespreek dat die hantering van die *Belydenis van Belhar nie* 'n struikelblok in weg van hereniging moet wees nie. Hulle volledige besluit lui as volg:

> *Ons aanvaar die uitdaging om binne drie jaar een verenigde kerk te wees. In die verband mag die Belhar Belydenis nie as voorwaarde vir eenheid geld nie. Die boodskap van Belhar sal steeds* vir *ons die inspirasie en gids wees vir beide die proses tot en die formasie van die nuwe kerk. In lyn met die besluite van beide die kerke sal die Belydenis van Belhar 'n volwaardige belydenisskrif van die nuwe kerk wees en sal ons saamwerk om die kerk te help om te groei tot 'n volledige aanvaarding van die belydenis. Ons sal die besluit vir volledige goedkeuring na ons volgende Sinode neem.*
>
> (*Esselenpark Verklaring* 2006:2)

Aangesien die meerdere vergadering slegs bindende besluite kan maak tensy dit nie strydig is met die Woord van God of die *Kerkorde* nie, het die ASK van die VGKSA besluit om hul besluit met betrekking tot die belydenisgrondslag van die verenigde kerk

vir ratifisering aan die eersvolgende Sinode te lê. Die VGKSA beklemtoon op voetspoor van die *oud kerkrecht* hierdeur dat alle kerklike vergaderinge gelyk is en dat die ASK dus haar besluit met betrekking tot die belydenisgrondslag nie aan die mindere kerklike vergaderinge kan opdring nie of oor hulle heers nie.

Op Woensdag 16 Augustus 2006 het 'n multi-laterale gesprek oor kerkeenheid tussen moderature van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika,[5] die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika,[6] die Reformed Church in Africa[7] en die Nederduitse Gereformeerde Kerk[8] in die Sinodale Sentrum Bloemfontein plaasgevind waartydens al vier moderature hul eenparig verbind het tot kerkeenwording (*Multi-laterale gesprek* 2006:1-5). In 'n gees van Christelike liefde het die partye mekaar om verskoning gevra vir die baie onregte wat hulle mekaar in die verlede aangedoen het. Al die partye het hierdie verskonings onvoorwaardelik aanvaar. Die vier Moderature het eenparig 'n verbondsverbintenis aangegaan ten opsigte van die hereniging van die NG Kerk-familie (*Multi-laterale gesprek* 2006:1-5).

Van 6-8 November 2006 het 127 verteenwoordigers van die RCA, VGKSA, NGKA en NGK by Achterbergh naby Krugersdorp byeengekom om te praat oor die kerkhereniging van die familie van NG Kerke en hoe dit in praktyk gestalte kan kry (*Achterbergh I Verklaring* 2006:1). Vier taakspanne, te wete Konfessionele basis, Model, Gesamentlike projekte en Versoening, bestaande uit gelyke verteenwoordigers van al vier deelnemende kerke was aangewys om verskillende aspekte van die eenheidsproses uit te

[5] Di Mochudi Lebone, Johannes Ramolahlehi, drr Sarel Corrie, Andries Hoffman.
[6] Prof Thias Kgatla, dr Allan Boesak, di Petrus Makoko, Collin Goeiman, David Malete, P Moloi.
[7] Di Victor Pillay, Bennett Shunmugam, Maniraj Sukdaven.
[8] Prof Piet Strauss , drr Coenie Burger, Nelus Niemandt, Kobus Gerber, Ds Elsje Büchner.

werk. In sy toespraak tydens die vergadering het die moderator van die VGKSA, prof Thias Kgatla, dit onomwonde gestel dat die VGKSA nie langer in siviele gedinge met die NGKA oor kerkeiendomme betrokke wil wees nie:

> Because we have resolutely committed ourselves to the process of reunification within the DRC family we have met with our leaders in the Synods of Free State and Phororo together with the DRCA leadership on 1 September 2006 in Bloemfontein and told them what we had promised to the DRCA leadership; to advise them not to take their brothers and sisters in the DRCA to court. If their brothers and sisters from the DRCA drive them out of their buildings they should leave the buildings peacefully. We are proud to announce here today that our Regional Synod of Free Sate has responded to our advice by unconditionally accepting it. In its recent Regional Synod sitting they have taken Synod decision to effect the advice of the moderamen. No more will URCSA congregations settle their differences with DRCA congregations in worldly courts.
>
> (*Agenda Achterberg* 1 Nov 2006:1-6)

Van dié visie om die geskil minlik by te lê, het in die praktyk nie veel tereg gekom nie aangesien die plaaslike gemeentes as outonome regsentiteite verkies het om voort te gaan met die hofgedinge teen die NGKA. Die Kerkrade behou immers volgens die *oud kerkrecht* die mag om hul gemeentes selfstandig te bestuur en die meerdere vergaderings mag haar nie met die bestuur van die plaaslike gemeente bemoei nie. Reeds op 28 Julie 2003 het mediasie-verrigtinge met betrekking tot die ongeveer veertig dienende sake onder die voorsitterskap van appèlregter Fritz D J Brandt plaas gevind. *(NGKA – verskeie gemeentes en die VGKSA – verskeie gemeentes Hooggeregshof SA* saaknr 2003) plaasgevind. Senior advokaat C Ploos van Amstel het die VGKSA verteenwoordig. Daar was deur en tussen die partye ooreengekom dat verskillende kategorieë van geskilpunte deur die onderskeie regsverteenwoordigers geïdentifiseer sou word en 'n mediator aangewys sou word wat die goedkeuring van al die betrokke partye wegdra om op grondvlak met elk van die gemeentes te onderhandel en 'n verslag

uit te bring aangaande die feite wat in elke gemeente geld. Van die ooreenkoms het nie te veel tereg gekom nie.

Op die multilaterale gesprek tussen die VGKSA, RCA, NGKA en die NGK wat op Maandag 2 April 2007 met ’n span regkundiges, bestaande uit het regters Ronnie Hendricks, Steven Majiedt, Fritz D J Brandt, Deon van Zyl asook senior advokate Johan Du Toit en C Ploos van Amstel, plaasgevind het, is die besluitnemingsbevoegdheid van meerdere vergaderings met betrekking tot kerkeenheid, die wysiging van die belydenisgrondslag van die kerk, die opsegging van die kerkverband, die opheffing van gemeentes asook die verandering van eiendomsreg van mindere vergaderinge op sinodale vlak sonder inspraak van die plaaslike gemeentes sonder meer afgewys (*Notule Sinodale Kommissie* 2007:1-4 ook *URCSA News* Desember 2007:4). Op voetspoor van die *oud kerkrecht* beklemtoon die regspan dit dat ’n kerk of ’n vereniging van kerke nie die plaaslike gemeentes kan dwing tot toetrede of uittrede tot die kerkverband nie. Ook die aansoek doen om ’n Privaat Wetgewing by die parlement om sodoende gemeentes wetlik te dwing om te verenig of andersyds met opgaaf van hul reg op eiendom uit die kerkverband te tree, was deur die regspan afgewys en ’n federale model geskoei op Gereformeerde kerkregtelike beginsels is deur die regspan voorgestel (*Notule Sinodale Kommissie* 2007:1-4).

Alreeds gedurende 1978 het beide die NGKA asook die NGSK teen ’n federale model besluit**.** Die kerkeenheidsmodel wat die VGKSA voorhou is die opgee van outonomiteit van die onderskeie sinodes en die opgaan in een kerkverband. Naas die beginsel dat

die selfstandigheid van die plaaslike gemeentes gehandhaaf moet word, staan ook die beginsel dat die plaaslike gemeentes nie op hul eie moet staan nie, maar in ŉ kerkverband moet verenig met die belydenis as akkoord. Die VGKSA staan organisatoriese eenheid voor. Die VGKSA beweeg van die veronderstelling uit dat hul of in een kerkverband met byvoorbeeld die NGK tree of dat hul en die NGK aan verskillende kerkverbande behoort. Die regspan daarteenoor beveel egter 'n federale model voor gebaseer op Gereformeerde kerkregtelike beginsels (*Notule Sinodale Kommissie* 2007:1-4 ook *URCSA News* Desember 2007:4).

Die vier taakspanne wat tydens Achterbergh I aangewys was, bestaande uit twee lede van elke kerk per taakspan, het op 31 Januarie tot 1 Februarie 2007 vergader. Die taakspanne het daarna ook telefonies vergader met die oog op die afronding van hulle werk vir die Achterbergh II-byeenkoms. Tydens die Achterbergh II-byeenkoms gehou 23-25 April 2007 was die sake verder bespreek in uitgebreide taakspanne waarin al vier die kerke verteenwoordig was. Die vergadering het konsensus oor die konfessionele basis, model en gesamentlike projekte bereik (*Achterbergh 11 Verklaring* 2007:1-5). Die verslag oor Versoening is na ŉ hewige debat na die Interimkomitee vir Kerkhereniging verwys (*Achterbergh 11 Verklaring* 2007:5-10).

Met betrekking tot die konfessionele basis is die volgende as die eerste punte van akkoord tussen die vier kerke aanvaar (*Achterbergh II Verklaring* 2007:1):

i. Die *Belydenis van Belhar* moet nie ŉ voorwaarde vir kerkeenheid wees nie.

ii. Gesprek tussen die vier kerke word voortgesit met die oog daarop om ooreenkoms te bereik oor die Bybelse inhoud van *Belydenis van Belhar* en om 'n gesamentlike kommentaar daarop te skryf. Dit sal dit moontlik maak dat die Bybelse inhoud van *Belydenis van Belhar* in 'n nuwe kerkverband gepreek, onderrig en in die bediening gebruik kan word.

iii. In die vorming van 'n nuwe kerkverband moet die belydenisgrondslag al vier kerke, Sinodes en gemeentes akkommodeer sonder om enigiemand te forseer om *Belydenis van Belhar* te aanvaar of daarvan afstand te doen.

iv. Die waarde wat *Belydenis van Belhar* as 'n belydenis vir die VGKSA het, word respekteer.

v. In 'n nuwe kerkverband word *Belydenis van Belhar* as vierde belydenisskrif in die belydenisgrondslag ingesluit, maar dit sal nie van leraars of lidmate wat nie gereed of gewillig is verwag word om dit te onderskryf (aanvaar) as 'n belydenisskrif nie.

vi. Die groei na 'n volle aanvaarding van *Belydenis van Belhar* is 'n integrale deel van die prosesse van die nuwe kerkverband.

Die laaste twee punte gee die eenstemmigheid tussen die VGKSA en die NG Kerk deur. Die RCA en die NGKA is gewillig om dit te oorweeg nadat deelgeneem is aan die proses in pt ii hierbo ooreengekom.

Met betrekking tot die model is eenstemmigheid bereik (*Achterbergh II Verklaring* 2007:1-2):

i. Dat die plaaslike kerk ten volle kerk van God is, maar dat dit nooit as kerk in isolasie bestaan nie. Die vier kerke bely dat hul mekaar nodig het om ook op plaaslike vlak ten volle kerk van God te wees, en dat dit gereflekteer moet word in die model van 'n nuwe kerkverband.

ii. Dat gemeentes regspersone in sigself is en dus hulle verantwoordelikheid met betrekking tot besluitneming en bediening behou.

iii. Dat gemeentes sal aangemoedig word en gehelp word om op plaaslike vlak in eenheid na mekaar te groei, en waar hulle dit so verkies selfs een struktuur te vorm. Hulle sal nie in een struktuur forseer word nie.

iv. Dat een nuwe Algemene Sinode gevorm moet word.

v. Hierdie een Algemene Sinode moet deel wees van 'n organiese model van eenheid waar werklike eenheid reflekteer word in alle strukture, dus ook op die vlak van Streeksinodes, Ringe en uiteraard ook gemeentes op die basis van punte ii en iii hierbo. Die deelnemende kerke verstaan dat die beste regsgeldige manier om een kerkverband te vorm, is om te begin deur een nuwe Algemene Sinode deur die bestaande Algemene Sinodes te vorm. Wat dan moet volg, as 'n noodsaaklike deel van die proses, is 'n organiese en vrywillige proses waarin Streeksinodes en Ringe nuwe streekstrukture vorm op 'n manier soos voorgestel deur die nuwe Kerkorde van die nuwe Algemene Sinode. Streeksinodes en Ringe word deur die deelnemende kerke aangemoedig om, selfs voor die nuwe Algemene Sinode konstitueer, gesprek en onderhandeling te begin oor hoe nuwe streekstrukture gevorm kan word.

vi. Dat dit Streeksinodes en Ringe wat gereed en bereid is, vrystaan om een Sinode of Ring te vorm alhoewel hulle voor die konstituering van 'n nuwe kerkverband ook steeds aan hulle eie kerkverbande behoort. Die bestaande Bepalings in die onderskeie Kerkordes kan gebruik word vir die vorming van hierdie eenheidstrukture.

vii. Al vier die kerke 'n proses begin om die toestemming van al die gemeentes van die kerk te verkry (op die presiese manier soos voorgeskryf in die Kerkorde van die spesifieke kerk) vir die vorming van 'n nuwe Algemene Sinode as uitdrukking van 'n nuwe kerkverband; die formulering van die belydenisgrondslag vir die nuwe kerkverband (omdat die nuwe Algemene Sinode 'n belydenisgrondslag moet hê); om wysiginge aan die bestaande Kerkordes goed te keur wat benodig word vir die vorming van 'n nuwe kerkverband; om goed te keur dat, na die vorming van 'n nuwe Algemene Sinode, daar 'n proses volg waarin die Streeksinodes en Ringe betrokke raak in vrywillige prosesse wat uitdrukking gee aan die een kerkverband op hulle onderskeie terreine; die naam van die nuwe kerkverband; die posisie van gemeentes met betrekking tot die bediening, eiendom, ensovoorts; dat daar ruimte behoort te wees vir assosiasie-lidmaatskap (*Achterbergh II Verklaring* 2007:1-2 ).

Op Achterbergh II is aan die vier aktuarii van die vier Algemene Sinodes opdrag gegee om 'n taakspan te vorm om die bestaande Kerkordes te evalueer en 'n proses te begin om die kerkordes op die korrekte wyse te wysig ten einde kerkeenheid moontlik te maak (*Achterbergh II Verklaring* 2007:2).

Gedurende die soeke na kerkeenheid sedert 2001 word dit beklemtoon dat die meerdere vergaderings geen selfstandige gesag het nie, dat die take en bevoegdhede van die meerdere vergadering beperk word tot dit wat die kerke self vrywillig ooreenkom en dat die gesag van die meerdere vergadering beperk is tot die gesag en mag aan haar deur die kerkverband verleen. Op voetspoor van die *oud kerkrecht* word beklemtoon die VGKSA gedurende eenheidsgesprekke dat die vrywillige toestemming nie slegs ’n grondslag is nie, maar dat dit ’n voorvereiste vir die totstandkoming en die beoefening van die kerkverband is. Die kerkverband word gekenmerk deur vryheid, dit wil sê die uitsluiting van dwang. Die VGKSA lê ook klem op die vrywillige karakter van die gemeenskap van die plaaslike gemeente en dat die eenheid van die kerk (*unio ecclesiarum)* berus op die grondslag van die wedersydse toestemming van die kerke (Bouwman M 1937:149). Die VGKSA wys hiermee alle vorm van hiërargie af. Die kerkverband kan dus nie tot stand kom deur die eensydige skikking van een of meer kerke nie wat die ander kerke dwing nie, maar alle kerke moet hul toestemming gee en is daarom wedersydse toestemming (*consensus mutuus)*.

### 7.2.1. **Die karakter van die gesag van die meerdere vergaderinge**

Die VGKSA beweeg van die voorveronderstelling uit dat die meerdere vergaderinge te wete die Ring, Streeksinode, Algemene Sinode elkeen na sy eie aard, ’n *kerklike gesag het wat* deur *Christus* aan hulle verleen is. Die aard van die gesag van die meerdere vergadering berus op die *jus divinum permissivum:* God het aan die kerk die reg toegelaat. Die meerdere vergaderinge *(majoribus conventibus* ) naamlik die Ring en Sinode is dus geen permanente vergadering nie en het slegs ’n afgeleide gesag en

beperkte, dienende mag. Die mag en gesag van die meerdere vergaderinge (*majoribus conventibus*) van die VGKSA word deur die *Kerkorde* begrens. Aan die eenkant kan Doleansiekerkregbeginsels in die VGKSA se *Kerkorde* onderskei word, maar aan die anderkant word sedert die Stigtingsinode op ’n gefragmenteerde wyse *nieuwe kerkrecht* beginsels ingevoer sonder dat die Sinode enige voorbereiding daartoe gedoen het. Met betrekking tot die verandering van lokale regte, die eenwording met ander kerke, die aanvaarding van belydenisskrifte word 'n sentralisering van mag en bevoegdhede in die Algemene Sinode van die VGKSA gevind (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:301). In bep 34 word die gesag van die kerklike vergaderings soos volg omskryf:

> 34.1 Hierdie vergaderings het, elkeen na sy eie aard, ’n *kerklike gesag* deur *Christus* aan hulle verleen.
> 34.2 Die gesag van die Ring oor die Kerkraad is dieselfde as dié van die Streeksinode oor die Ring.
> 34.3 Meerdere Vergaderings het die reg en bevoegdheid om aan Mindere Vergaderings aanskrywings te stuur en van hulle stukke te vra waaraan hulle sonder verwyl moet voldoen.
> (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland 2006*: bep 34 en Aanvullende Bepaling 107.1)

’n Klemverskuiwing in die gesag van die meerdere vergadering vind sedert 1994 by die VGKSA plaas. Gaandeweg het die setel van die gesag na die Dagbestuur van die moderatuur verskuif. Anders as wat deur die DKO art 35[9] veronderstel word, kontinueer die voorsitter van die Sinode se rol en funksie gedurende die reses. Die Dagbestuur van die moderatuur van die VGKSA het gaandeweg ’n hoër bestuur, 'n *senatus ecclesiasticus* of super-kerkraad geword, wat onderwerping vir hul besluite, handelinge vra. Die Dagbestuur het ondermeer die reg om besluite namens die VGKSA te neem

---

[9] Het ambt van de preses is, voor te stellen en te verklaren hetgeen te verhandelen is; toe te zien, dat een iegelijk zijn orde houde in het spreken, de knibbelachtigen en die te heftig zijn in het spreken te bevelen, dat zij zwijgen; en over dezelven, geen gehoor gevende, de behoorlijke censuur te laten gaan. Voorts zal zijn ambt uitgaan, wanneer de samenkomst scheidt (DKO art 35).

in alle dringende sake wat mag voorkom en van algemene belang vir die Kerk is, en waaroor daar sonder tydverlies beslis moet word voordat die sienswyse van die Algemene Sinodale Kommissie verkry kan word, met dien verstande dat die kommissie se bevoegdhede beperk is tot die besluite van die Sinode (*Kerkorde Algemene Sinode VGKSA* 20032003: art. 1.2.2.2). Van sodanige handelwyse gee die Dagbestuur verslag aan die Algemene Sinodale Kommissie en die Sinode en maak alle besluite so spoedig moontlik bekend in die offisiële organe van die Kerk. Die Dagbestuur verteenwoordig dus die kerk in alle gevalle waarvoor geen voorsiening gemaak is nie (*Kerkorde Algemene Sinode VGKSA* 2003: art. 2.2.1.5).

Op die Algemene Sinode van die VGKSA (2005) het die Dagbestuur van die moderatuur onder andere voorgestel dat art 11.2 van die *Kerkorde* gewysig moes word om sodoende daarvoor voorsiening te maak dat die twaalf artikels van die *Kerkorde* wat op die Stigtingsinode aanvaar is, onder vooraf kennisgewing aan die Streeksinodes en sonder 'n tweederdemeerderheid goedkeuring van die Streeksinodes deur die Algemene Sinode gewysig kon word. Art 11.2 van die *Kerkorde* bepaal dat veranderinge van die *Kerkorde* deur die Algemene Sinode eers vir voorlegging, beraadslaging, amendering aan die Streeksinodes voorgelê behoort te word en dat die tweederdemeerderheid van die Streeksinodes, en by implikasie die plaaslike gemeentes, sodanige wysigings moet goedkeur alvorens die Algemene Sinode met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan kan besluit (*Acta Algemene Sinode* 2005:46). Die Dagbestuur van die moderatuur gaan van die veronderstelling uit dat die Algemene Sinode outonoom is en gevolglik die reg het om die *Kerkorde* met 'n tweederdemeerderheid te wysig en dat die

Algemene Sinode dus slegs die gewysigde *Kerkorde* aan die Streeksinodes vir kennisname voor behoort te lê. By implikasie het die voorstel van die Dagbestuur van die moderatuur beteken dit dat die Algemene Sinode voortaan sonder inspraak van die Streeksinodes en/of gemeentes die Kerkorde en/of selfs die belydenisgrondslag sou kon wysig. Die aanbeveling van die Dagbestuur is na hewig debat op die Algemene Sinode (2005) verwys na die onderskeie Streeksinodes vir beraadslaging, amendering, goedkeuring met 'n tweederdemeerderheid en voorlegging aan die eersvolgende Algemene Sinode. Op die Algemene Sinode van die VGKSA (2008) is die voorstel om artikel 11.2 van die kerkorde van die VGKSA te wysig met 'n oorweldigende meerderheid afgewys. Op die Sinode is dit beklemtoon dat die Algemene Sinode beleidsake eers na die Streeksinodes, Ringe en gemeentes behoort te verwys om sodoende inspraak op plaaslike vlak in beleidsake wat die leer en lewe van die plaaslike gemeentes impakteer te verseker. Sodoende het die Algemene Sinode van die VGKSA twee Doleansie kerkregbeginsels beklemtoon naamlik beperkte gesag van die meerdere vergadering asook selfstandigheid van die plaaslike gemeentes.

Die bevoegdheid van die meerdere vergadering van die VGKSA lê op voetspoor van die *oud kerkrecht* daarin dat die gemeentes vrywillig met mekaar in kerkverband tree en dat die gemeentes ooreenkom dat hul die besluite van die meerdere vergadering sal uitvoer. Hierdie onderwerping aan die besluite van die meerdere vergadering is egter gebonde aan die Woord van God en die Kerkorde. As 'n besluit in stryd is met die Woord van God kan die gemeentes dit nie gehoorsaam nie. By die VGKSA besit die meerdere vergadering alleen mag oor die plaaslike gemeente op grond van en in soverre dit in

die *Kerkorde* ooreengekom is. Die gesag van die meerdere vergadering vloei uit die organiese verband tussen die gemeentes. Die Ring, Streeksinode, Algemene Sinode het geen dwingende mag nie omdat die kerkverband op oorlegpleging berus. Die Ring en die Sinode het geen ander reg as wat die Kerkrade in kerkverband onderling ooreengekom het nie. Die meerdere vergaderings van die VGKSA se bevoegdheid is beperk deur die goeie wil van mindere vergaderinge om besluite van meerdere vergaderinge te implementeer.

### 7.2.5. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers

Die kerklike mag in die VGKSA bestaan uit drie dinge: leermag (die mag om die Woord en die sakramente te bedien), die regeermag (die mag om kerklike ampsdraers te kies) en tugreg (die mag om kerklike tug uit te oefen). Sake wat tot die bevoegdheid van die meerdere vergadering van die VGKSA behoort is onder andere die tuguitoefening oor ampsdraers en die reg van appèl van lede van die gemeente (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 50.2, 60.6). Wanneer besware ingebring word teen 'n ampsdraer kan die bevestiging van sodanige ampsdraer nie voortgaan voordat die Ring oor die beswaar uitspraak gelewer het nie aangesien die sensuur van 'n ampsdraer sluit by die VGKSA die stuiting in die amp of skorsing uit die amp in:

> 20.9.1. Adres en besware
>
> Besware wat teen 'n beroep ingebring word, word in die hande van die voorsitter of by sy/haar ontstentenis die Skriba van die Ring gestel wat dit in die hande van die Ringskommissie stel om die besware in behandeling te neem.
>
> 20.9.2. Besware insake onreëlmatigheid
>
> Besware oor onreëlmatigheid in die uitbring van die beroep, word deur die Ringskommissie ondersoek en die beslissing daaroor word aan die Kerkraad gestuur.
>
> (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2006: bep 20.9.1)

Aan die vermaning en tug is onderworpe die volgende ampsdraers: Ouderlinge en diakens; Evangeliste en leraar wat in gemeentes bevestig is; Leraars wat met 'n bepaalde opdrag in diens van al die gemeentes staan; Sendelinge; Leraars wat met behoud van status in 'n ander amp staan; Teologiese dosente; Proponente en Emeriti: " Die vermaning en tug oor die ampsdraers het veral betrekking op die leer, lewenswandel en die vervulling van die amp aan hulle toevertrou" (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002: bep 116.1 asook Bepaling 50.2.1 en 50.2.7).

Die Ring neem by die VGKSA tugsake van bedienaars van die Woord en diegene wat in 'n verkose amp staan in behandeling, die Streeksinodes neem besluite oor tughandelinge en hoër beroepe van ampsdraers, terwyl die Algemene Sinode beslissings neem in tugsake rakende die leer van die Kerk wat in hoër beroep aanhangig gemaak is (*Kerkorde VGKSA Algemene Sinode* 1994:art 9, 10 en 11). Twee sake kan op voetspoor van die Doleansiekerkreg nie deur die Kerkraad volledig afgehandel word nie naamlik die tuguitoefening oor die ampsdraers asook die reg tot appèl van lede van die gemeente teen die besluite van die Kerkraad (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:art 116.2). Die uitvoering van die vonnis van ampsdraers lê by die plaaslike gemeente en nie by die meerdere vergadering as sodanig nie. Die Streeksinode en Algemene Sinode kon wel 'n motivering tot die vonnis uitspreek, maar kan nie die daadwerklike handeling van afsetting of skorsing in die plaaslike gemeente uitvoer nie (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002: bep 135).

Op voetspoor van die Doleansiekerkreg het die meerdere vergaderinge van die VGKSA nie die bevoegdheid om regstreeks in die sake van 'n plaaslike gemeente in

te gryp nie. Alleen die gemeente het die bevoegdheid het om die bestuursmag van die bedienaars van die Woord en die Kerkraad tydelik of permanent op te skort. 'n Sinode mag wel 'n afsettingsvonnis uitspreek, maar geen ampsdraers mag afgesit word buite die deur die Kerkorde daartoe bevoegd verklaarde strukture om nie. Die besluit van 'n meerdere vergadering met betrekking tot die afsetting van 'n ampsdraer is bindend. Die uitvoering van die besluit lê altyd by die plaaslike kerk of by die meerdere vergadering in samewerking met die plaaslike gemeente, maar nooit by die meerdere vergadering as sodanig nie. 'n Meerdere vergadering kan nie eiegeregtig die inisiatief neem met betrekking tot implementering van die kerklike sensuur in 'n plaaslike gemeente nie. Die Kerkraad kan volgens bep 25 nie uitgeskakel word in die afsetting van 'n ampsdraers nie (*Kerkorde Streeksinode* 2002:bep 25). Die meerdere vergadering laat die tugtoepassing aan die strukture toe te laat wat deur die Kerkorde daartoe bevoegd verklaar word. Geen kerkraadslid mag geskors word sonder die medewerking van die Ring nie (bep 116 ). Geen bedienaar van die Woord mag afgeset word sonder die oordeel van die Ring en die advies van die Streeksinode nie (*Kerkorde VGKSA Streeksinode* 2002:bep 120-123). Die Sinode dra die uitvoering van sy besluit op aan die plaaslike gemeente:

> 126.1.3 Afsetting deur die Ring in die geval van ouderlinge en diakens, en deur die Streeksinode op aanbeveling van die Ring in die geval van leraars, proponente en evangeliste.
>
> 126.2 Voortdurende vermaning tot berou en versoening
>
> 126.2.1 Die Kerkraad sal 'n geskorste of afgesette ampsdraer voortdurend vermaan om tot berou en versoening te kom en sal die nodige tugmaatreëls ingevolge Bepaling 111 en 112 toepas
>
> (*Kerkorde VGKSA Streeksinode* 2002: bep 126.2)

Die VGKSA beklemtoon sodoende dat die plaaslike gemeente ampsdraers uit hul amp kan ontset. Die *Kerkorde* van die VGKSA maak nie daarvoor voorsiening nie of die

Sinode tot die uitvoering van haar besluit kan oorgaan indien die Kerkraad weier om die besluit van die Sinode uit te voer.

Op voetspoor van die DKO 84 bepaal die VGKSA dat by die uitoefening van hulle roeping sal geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof, Koning en Meester van die Kerk is (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 14.1-14.3:19). Die afsetting van ouderlinge, diakens en predikante en die ontheffing van die vervulling van die amp vind plaas deur die Ring en nie deur die Kerkraad soos in die geval van lidmate nie. Die vermaning en tug oor die ampsdraers het veral betrekking op die leer, lewenswandel en die vervulling van die amp aan hulle toevertrou (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2006:bep 116.1). Wanneer ’n klag teen ’n ampsdraer ingedien is of ’n ernstige verdenking teen hom/haar ontstaan, sal dit die Ring vrystaan om hom/haar vir ’n bepaalde tyd van die vervulling van die amp te onthef. Hierdie ontheffing dra nie die karakter van ’n tugmaatreël nie (*Streeksinode Kaapland Kerkorde* 2002:bep 119.2). Skorsing as tugmaatreël van bedienaars van die Woord vind deur Ring, ná ’n deeglike ondersoek en genoegsame blyke van skuld plaas. ’n Maatreël van afsetting sal slegs deur die Streeksinode geneem word op voordrag en aanbeveling van die Ring. ’n Hoër beroep teen ’n tugmaatreël wat ’n aanbeveling tot afsetting bevat, kan deur geen ander liggaam as die Streeksinode behandel word nie (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 120. 1 tot 120-2). Ten opsigte van ouderlinge en diakens sal ’n tugmaatreël van skorsing of afsetting deur die Ring geneem word, ewe-eens ná *deeglike ondersoek* en *genoegsame blyke van skuld* (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep.121). Die vermaning en tug

in hierdie sin word uitgeoefen deur die Ring, terwyl die ampsdraers daarbenewens onderworpe bly aan die vermaning en tug van die Kerkraad soos in die vorige Bepalings omskryf, met dien verstande dat die Kerkraad eers tot die toepassing van hierdie tug mag oorgaan nadat die Ring die skorsing uit die amp behartig het. Die Sinode in die VGKSA het nie die outoriteit om diegene wat weier om sinodale besluite met betrekking tot die tug, skorsing, afsetting of tot uitvoering te bring met sensuur te straf nie, maar het hoogstens die mag om hul buite kerkverband te plaas. Die reg om tug uit te oefen na aanleiding van artikel 79 van die DKO [10] word ten volle erken. Dit geld onder andere vir die reg van die Ring *(classis)* om predikante af te set.

Die VGKSA bepaal by die behandeling van tugsake dat die volgende ampsdraers nie reg op sitting het nie: Leraars en evangeliste in diens van die Ring of van gemeentes binne die Ringsressort, wat nie as kerkraadslede afgevaardig is nie, woon die Ringsvergadering by met adviserende stem. By die behandeling van tugsake neem hulle egter nie sitting nie (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 49.2). Leraars in diens van die Streeksinode of sy Permanente Kommissies wat nie as kerkraadslede na die vergadering van die Streeksinode afgevaardig is nie, woon die vergadering van die Streeksinode by met adviserende stem (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 56.2). Die teologiese opleiding word op die Sinode in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur twee van die dosente. By die behandeling van tugsake neem hulle egter nie sitting nie (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 65.6).

---

[10] Wanneer de dienaars des Goddelijken Woords, ouderlingen of diakenen een openbare grove zonde bedrijven, die der kerk schandelijk, of ook bij de overheid strafwaardig is, zullen de ouderlingen en diakenen terstond door voorgaand oordeel des kerkenraads derzelver en der naast gelegene gemeente van hun dienst afgezet, maar de dienaars opgeschort worden. Maar of zij geheel van de dienst af te zetten zijn, zal in het oordeel der classe staan (DKO art 79).

Sedert 1997 is die uitbreiding van die leer-, regeer- en tugmag na die diensverenigings te wete die Christelike Vrouebeweging (=CVB), die Christian Youth Movement (=CYM) asook die Brigade herhaaldelik op die kerklike agenda geplaas (*Skema Algemene Sinode* 1997, 2001, 2005). Die kernvraag gedurende die afgelope dekade was daar of aan diensverenigings die leer-, regeer- en tugmag toe kom. Die diensverenigings eis ondermeer besluitnemingsbevoegdheid op die verskillende besluitnemingstrukture van die VGKSA te wete die Kerkraad, Ring, Sinode. Die Streeksinode Kaapland van die VGKSA (2002) reglementeer dat die CVB, die CYM asook die Brigade elk twee bestuurslede na die Streeksinode mag afvaardig om die liggame met adviserende stemreg te verteenwoordig met dien verstande dat die afgevaardigdes van die CYM en Brigade verkieslik jongmense (jonger as 30 jaar oud) van beide geslagte behoort te wees en dat die CVB, CYM en Brigade self vir reiskostes verantwoordelik sal wees terwyl die afgevaardigdes soos ander Sinodegangers daggeld en/of losies sal ontvang (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 56.5). Die Christelike Vrouebediening van die VGKSA het op hul derde Algemene Sinodale Kongres gehou te Mangosuthu Technikon in KwaZulu Natal, van die 30ste Junie 2005 tot die 3de Julie 2005, soos volg besluit:

> 1.1. The women represention in church councils, presbyteries, in the Regional and General Synods be 50%.
> 1.2. Women be represented in all commissions of the church and in all decision making structures of the church.
> 1.3. Women be involved in all unity talks within our church and the general Reformed family
>
> (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 2005:382)

Die Algemene Sinode van die VGKSA (2005) het die versoek dat aan diensverenigings die leer- tug- en regeermag toegeken moes word, afgewys aangesien

die leer-, tug- en regeermag mag die Kerkraad toekom: Elke gemeente het 'n Kerkraad wat hom regeer en aan wie die leiding van die gemeente, die opsig oor en tug in die gemeente, asook die behartiging van die Diens van Barmhartigheid in die algemeen, die Jeugarbeid en die Sending en Evangelisasie toevertrou is (*Kerkorde VGKSA Algemene Sinode* 2005**:** Art. 7)

Die Algemene Sinode van die VGKSA (2005) het besluit dat die samestelling van die Kerkraad, Ring Sinode voortaan uit ten minste 25 % vroulike Kerkraadslede en jeugdige kerkraadslede moet bestaan (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 2005:28). Sodoende sou gepoog word om vroue en die jeug proporsioneel op die kerklike vergaderinge te verteenwoordig. Volgens die Doleansiekerkreg het die Kerkraad leer-, tug- en regeermag en het die meerdere vergaderinge slegs afgeleide en beperkte gesag, wat deur die gemeente aan die afgevaardigdes verleen het. Christus het immers aan die leierskap van die plaaslike gemeente die leer- tug- en regeermag gegee (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002 bep 43.1.1 en 43.1.4). Die meerdere vergadering van die VGKSA word saamgestel uit die afgevaardigdes van plaaslike gemeentes, wat met 'n geloofsbrief by die meerdere vergadering verskyn en daardeur reg tot sittingsreg verkry. Volgens Voetius (*Pol Eccl IV*, 194,195,198,178) is dit wel geoorloof om nie-ampdraers na 'n Sinode af te vaardig.

Die meerdere vergadering van die VGKSA het nie kassasiereg nie, maar verwys sake in hoër beroep met opgaaf van redes terug na mindere vergaderings. Die bevoegdheid om amptenare uit die amp te ontset kom slegs aan die strukture wat deur de kerkorde behoorlik daartoe gemagtig byvoorbeeld gemeente en/of die Ring toe. Die besluit van

ŉ meerdere vergadering insake tuguitoefening het ŉ formeel karakter. Die uitvoering daarvan kom slegs die plaaslike gemeente toe. Die VGKSA beskou die besluit van 'n meerdere vergadering met betrekking tot skorsing, afsetting van ŉ ampsdraer as bindend, maar het geen kerkordelike reëling om toe te sien dat besluite geïmplementeer word nie. Die uitvoering van die besluit lê altyd by die plaaslike kerk of by die meerdere vergadering in samewerking met die plaaslike kerk, maar nooit by die meerdere vergadering as sodanig nie. Sedert die stigtingsjare van die VGKSA word die reg van die plaaslike gemeente ten opsigte van die tuguitoefening van ampsdraers na aanleiding van artikel 79 van die DKO ten volle erken. Die herstel in die amp hang af van sodanige persoon hang af van sy/haar persoonlike motivering, die toestemming en aanbeveling van gemeente waaronder hy/sy ge werk het asook die Ring, waar hy/sy die amp neer gelê het (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 136.2.1 tot 136.2.4). Die bevoegdheid om die skorsing op te hef, berus by die vergadering wat die tugmaatreël geneem het of wat in hoër beroep uitspraak gegee het.

> 3.1 'n Bedienaar van die Woord wat afgesit is weens leertug en wie se appèl deur die Algemene Sinode van die hand gewys is, kan slegs weer beroepbaar gestel word nadat hy/sy deur die Algemene Sinode in sy/haar amp herstel is. Sy/haar aansoek om herstel moet gesteun word deur getuigskrifte van die kerkraad van die gemeente waaraan hy/sy voor sy/haar afsetting verbind was, die ring wat hom/haar geskors het, die kerkraad van elke gemeente waaraan hy/sy sedert sy/haar afsetting behoort het en die ring/e binne wie se ressort hy/sy hom/haar sedert sy/haar afsetting bevind het, asook 'n aanbeveling van die eksamenkommissie by wie hy/sy *colloquium doctum* afgelê het.
>
> 3.2 By die vraag of iemand weer in sy/haar amp herstel kan word, moet nie slegs die aard van die sonde waarvoor hy/sy afgesit is oorweeg word nie, maar ook of sy/haar berou oor die gepleegde sonde opreg is, of versoening tot stand gekom het en die ergernis weggeneem is en of hy/sy tot die opbouing van die gemeente van God kan arbei, sonder dat die heilige karakter van die gemeente en die eer van God aangetas word.
>
> (*Kerkorde VGKSA Algemene Sinode* 2002: art 3)

Die beslissende vraag is of die persoon weer met stigting die kerk kan dien en in die geval van die minste twyfel moet die aansoek afgewys word. So ŉ persoon moet weer

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deur die Ring met die oog op die herstel van die amp ondersoek word om vas te stel of die aansoek geloofwaardig is.

In die VGKSA kan Ringe, Streeksinodes, die Algemene Sinode en/of haar permanente kommissies slegs adviese verleen, maar kan dit nie self besluite in mindere vergadering implementeer nie (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 108). Daar bestaan 'n prinsipiële verskil tussen die gesag van die Kerkraad en die gesag van die Ring, Streeksinode, Algemene Sinode. Die Ring, Streeksinode, Algemene Sinode van die VGKSA het nie dieselfde leer-, regeer- en tugmag as die plaaslike gemeente nie. Die VGKSA gaan van die voorveronderstelling uit dat die plaaslike gemeente 'n selfstandige openbaring van die liggaam van Christus is en dat die plaaslike gemeente van Christus die volledige kerklike mag ontvang het. Die Ring, Streeksinode, Algemene Sinode het volgens bep 34 die reg en bevoegdheid om aan mindere vergaderings aanskrywings te stuur en van hulle stukke te vra waaraan hulle sonder verwyl moet voldoen (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 34).

**7.2.6. Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge**

Elke besluit, uitspraak of handeling van 'n mindere of 'n meerdere vergadering van die VGKSA is vatbaar vir hoër beroep by die volgende meerdere vergadering. Die VGKSA bepaal in die Kerkorde dat alle kerkvergaderinge, lede van 'n vergadering en beswaardes (klaer en beklaagde) die reg tot hoër beroep (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* bep 38.1). Diegene wat enige uitspraak of handeling van 'n vergadering in stryd ag met die kerkorde, bepalinge en reglemente van die VGKSA, of meen dat die welsyn van die Kerk deur so 'n uitspraak of handeling geskaad word, of voel dat hulle

daardeur verontreg is, kan in hoër beroep gaan na die naasvolgende vergadering. Indien hulle so 'n uitspraak of handeling in stryd ag met die duidelike uitsprake van die Woord van God, is hulle verplig om in hoër beroep te gaan (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 38.2). In so 'n geval sal die vergadering, hangende die hoër beroep, hulle nie verplig tot die uitvoering van of medewerking aan enige handeling wat, volgens hulle gevoel, téén die Skrifuitsprake ingaan nie, met dien verstande dat hulle in alle ander opsigte hulle sal gedra volgens die voorskrifte van die vergadering. Diegene wat hulle op 'n Meerdere Vergadering beroep, is verplig om hulle te hou by die prosedure en tydsbepalinge deur die Streeksinode neergelê. 'n Vergadering kan, in die geval van hoër beroep, die uitvoering van 'n besluit deur hom geneem, opskort. Diegene wat hulle deur 'n besluit of handeling van 'n vergadering beswaard ag, sal hulle nie tot die burgerlike hof om remedie mag wend, voordat 'n finale uitspraak in hoër beroep deur die Sinode gegee is nie. Sonder prysgawe van die reg tot hoër beroep kan by enige vergadering 'n versoek tot revisie van 'n gedane uitspraak ingedien word. 'n Vergadering is verplig om 'n uitspraak in revisie te bring as dit blyk dat by die doen van die uitspraak 'n belangrike element buite beskouing gelaat is, of die saak waaroor uitspraak gegee is weens gebrek aan belangrike inligting nie deeglik genoeg oorweeg is nie (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 30.8). Iemand wat beswaard voel oor 'n besluit of uitspraak van die Streeksinode omdat dit na sy/haar oordeel in stryd is met duidelike uitsprake van die Woord van God, het die reg om 'n beswaarskrif in te dien. Kerklike besluite is nie bindend nie indien sodanige besluit in stryd is met enige artikels of bepaling in die *Kerkorde* of met vorige besluite. Die kerke is verplig om hul te hou by die besluite van die meerdere vergadering tensy hul van mening is dat sodanige besluite

strydig is met die Skrif, belydenis of *Kerkorde*. Die besluite van die meerdere vergadering, wat binne die grense van die *Kerkorde* plaasgevind het, het 'n bindende karakter. Tensy die besluit strydig is met Gods Woord, en/of die belydenis of die *Kerkorde*, behoort die Kerkraad hul aan die besluit te onderwerp. Indien die Streeksinode nie die beswaar handhaaf nie, sal daar nogtans met verdraagsaamheid teenoor die beswaarmaker opgetree word, tensy sy/haar wyse van optrede.

Die kerkordelike bepalings van die VGKSA is geen norma en is dus nie onvoorwaardelike geldende reëls nie. Die Ring, Streeksinode, Algemene Sinode en/of Kerkrade mag geen besluit neem wat strydig is met die Woord van God en die *Kerkorde* nie. Die kerke is verplig om kragtens Gods Woord hul aan die besluite en verordenings van die meerdere vergadering te hou, tensy hul van mening is dat die besluite strydig is met Skrif, belydenis of kerkorde. Elke kerk, ampsdraer of gemeentelid, het volgens artikel 38 die reg, indien beswaard, om 'n eersvolgende Sinode met 'n beswaarskrif rakende die aangeleentheid te bedien. 'n Appèl moet geskied op voetspoor van die DKO art 31 "voor de eerstvolgende samenkomst der meerdere vergadering, waarop men zich beroept." Aan die eenkant word in artikel 38 die reg en vryheid van die kerk en haar lede gehandhaaf, terwyl aan die anderkant ook die meerdere outoriteit van die meerdere vergadering uitgedruk word. Besluite van beide mindere en meerdere vergaderinge wat strydig met die Woord van God, die belydenisskrifte en die *Kerkorde* is, is appelleerbaar. Artikel 38 begrens die mag van alle kerklike vergaderinge. Die kerkvergadering teen wie beswaar ingebring word, kan nie oordeel oor die geskil nie aangesien sodanige kerkvergadering 'n party in die

onderhawige saak is (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 38). 'n Meerdere vergadering moet oor 'n appèl oordeel.

'n Hoër beroep word nooit in die VGKSA sonder meer op blote formele of tegniese gronde gehandhaaf nie, tensy daar ook bewys gelewer is dat die beweerde oortredings deur die mindere kerkvergaderinge van die Bepalinge en Reglemente die beswaarde(s) *benadeel* het of veroorsaak het dat die *meriete* van die saak *nie behoorlik beoordeel* kon word nie. Wanneer 'n hoër beroep op grond van die meriete van die saak gehandhaaf word, het die meerdere kerkvergadering wat die saak in behandeling geneem het, die reg om die betrokke besluit(e) of beslissing(s) ter syde te stel, en in die plek daarvan 'n ander toepaslike beslissing te stel ooreenkomstig die bepalinge van die Kerkorde in sake tughandelinge wat van toepassing is vir die mindere kerkvergadering wat die saak behandel het (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 107.2.1 – 107.2.2). In die VGKSA word die bevoegdheid van mindere vergaderinge verskans, byvoorbeeld in sy uitspraak oor 'n saak wat in hoërberoep voor hom gebring word, mag die Sinode of Sinodale Kommissie die hoër beroep handhaaf; na die mindere kerkvergaderings terugverwys vir hersiening; die bestraffingsmaatreël versag of verswaar (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 134) .

By die VGKSA word die meerdere vergadering *(majoribus conventibus*) se bevoegdheid beperk tot die behandeling van sake van die gemeentes gesamentlik, hoër beroepe asook in die behandeling van sake wat nie op die mindere vergadering (*minoris conventus*) afgehandel kan word nie (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep bep 38,

124, 125). 'n Saak mag op voetspoor van die DKO art 30[11] slegs in 'n meerdere vergadering aanhangig gemaak word, as die saak nie op 'n mindere vergadering afgehandel kan word nie, of as dit 'n saak is wat al die kerke in die algemeen raak. Die besluite van die meerdere vergadering wat binne die kader van die *Kerkorde* geneem is, het 'n bindende karakter. Sinodale besluite van die VGKSA is bindend totdat die Sinode anders besluit. Mindere vergaderinge is dus verplig om hulle aan die sinodale gesag te onderwerp. Die meerdere vergaderinge kan ook adviese aan mindere vergadering (*minoris conventus)* verleen, besluite van mindere vergaderinge afwys en die saak vir hersiening terug verwys (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep.135.2). Alleen die Sinode kan dispensasie of suspensie[12] aan Kerkorde Artikels, Bepalinge, Reglemente verleen (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 60.10.2 tot 60.10.3). Die meerdere vergaderinge van die VGKSA beskik nie oor die bevoegdheid – die kassasiereg - om die beslissinge van 'n mindere vergadering te vernietig nie, maar kan dit met opgaaf van redes terug te verwys na die mindere vergadering (*minoris conventus* vir hersiening:

> In sy uitspraak oor 'n saak wat in hoërberoep voor hom gebring word, mag die Sinode of Sinodale Kommissie:
> 135.1 die hoër beroep handhaaf;
> 135.2 na die mindere kerkvergaderings terugverwys vir hersiening;
> 135.3 die bestraffingsmaatreël versag of verswaar;
> 135.4 'n bestraffingsmaatreël toepas.
> (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2006:92)

Kassasie beteken nie dat daar tot 'n nuwe uitspraak gekom word nie, maar dat die gevelde vonnis vernietig word uit hoofde van formele foute wat by die ondersoek of by

[11] In deze samenkomsten zullen geen andere, dan kerkelijke zaken en hetzelve op kerkelijke wijze, gehandeld worden. In meerdere vergaderingen zal men niet handelen, dan hetgeen dat in mindere niet heeft afgehandeld kunnen worden, of dat tot de kerken der meerder vergadering in het gemeen behoort (DKO art 30).

[12] Dispensasie is die tydelike vrystelling of kondonasie deur die Sinode, en in twee gevalle deur die ring van 'n sekere bepaling . Suspensie is die opheffing deur die Sinode van 'n sekere wetsbepaling (bv. die tydelike opheffing van 'n sinodale kollekte). Suspensie sowel as dispensasie kan verleen word alleen in administratiewe sake en nie sake wat die kerkorde-artikels, leer of tug raak nie (Kerkorde VGKSA *Streeksinode Kaapland* 2002:201).

die uitspraak begaan is (Bouwman 1934:44). Veeleerder verwys die meerdere vergaderinge by die VGKSA 'n saak met opgaaf van redes terug na 'n mindere vergadering met die opdrag om die saak te herondersoek en 'n nuwe oordeel uit te spreek. Indien 'n appèl hangende is, mag die besluit waarteen geappelleer word nie uitgevoer word nie. By implikasie beteken dit dat as die meerdere vergadering die beswaar verwerp, behoort is die mindere vergadering verplig om die meerderheidstandpunt uit te voer, maar behou die reg voor om die deelname van die kerkverband te beëindig.

7.2.7. **Die bevoegdheid van die meerdere vergadering in geval van wanbestuur**

Ingeval van wanbestuur by die Kerkraad, sal dit die Ring vrystaan om by skuldigbevinding tugmaatreëls van skorsing en afsetting te neem wanneer 'n deel van die Kerkraad, of 'n deel van die gemeente, hulle na die Ring om hulp wend, met dien verstande dat die Kerkraad vooraf in die saak geken is en hy die geleentheid gegee is om hom te verantwoord (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep. 89, asook bep 121). Die meerdere vergaderings van die VGKSA kan nie selfstandig in sake van die plaaslike gemeente in te gryp nie om die taak van die Kerkraad oor te neem of om selfstandige besluite in die plaaslike gemeente tot uitvoer te bring nie. Die meerdere vergadering ontleen haar mag en bevoegdheid om te handel en beslissings te neem van die plaaslike gemeentes. Solank daar in 'n Kerkraad nog ampsdraers is wat in staat is om te regeer word sodanige Kerkraad deur die Ring erken en ondersteun en mag die Ring nie eiemagtig en sonder wettige rede in die plaaslike gemeente ingryp nie. In die VGKSA is die Kerkraad bevoeg om die bestuursmag van die bedienaar van die Woord

in geval van wanbestuur met die steun van die kerkverband te ontneem. Die Ring het in die geval van wanbestuur die reg om die gesonde deel van die gemeente byeenroep en die afwykende Kerkraad of gedeelte van die Kerkraad ontset en 'n nuwe Kerkraad gekies en die gemeente opnuut weer konstitueer:

> Ingeval van wanbestuur by die Kerkraad, sal dit die Ring vrystaan om by skuldigbevinding tugmaatreëls van skorsing en afsetting te neem wanneer 'n deel van die Kerkraad, of 'n deel van die gemeente, hulle na die Ring om hulp wend, met dien verstande dat die Kerkraad vooraf in die saak geken is en hy die geleentheid gegee is om hom te verantwoord.
> (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2006: bep 122 en bep 89)

Op voetspoor van die *nieuwe kerkrecht* word aan die meerdere vergadering bevoegdheid verleen om in gevalle van wanbestuur en onmag in die sake van die plaaslike gemeente in te gryp. Die Algemene Sinode van die VGKSA (2005) het aan die dagbestuur die bevoegdheid verleen om in die geval van wanbestuur in te gryp en hul besluite op plaaslike konteks te implementeer:

> The commission acts on behalf of the Church in negotiations with Regional Synods when a Regional Synod neglects its supervisory role or oversteps its mandate, the commission is further mandated and duly authorised to intervene and even take decision if need be in order to ensure the interest and well being of the Church and its Congregations.
> (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 2005:150)

In die geval van wangedrag, afwyking van die geloofsleer of in die geval van kerkskeuring of die nie-implementering van die besluite van die Algemene Sinode deur die Streeksinode(s) het die Dagbestuur van die Algemene Sinode die reg om by 'n mindere vergadering in te gryp en die besluite van die Algemene Sinode te implementeer. Die Dagbestuur van die Algemene Sinode tree in so 'n geval leidend op om die gemeente teen verstrooiing te bewaar. Die meerdere vergadering staan in die geval van wanbestuur die plaaslike gemeentes in die ressort met hulp en advies by. Sodra die Kerkraad weer leiding neem in die gemeente tree die meerdere vergadering

terug.

## 7.3. Konklusie

Enkele modifikasies het die afgelope dekade in die VGKSA se kerkreg plaasgevind. Die VGKSA gaan van die voorveronderstelling uit dat alle gemeentes volkome gelyk is, maar in die kerkverband staan die gemeentes in die praktyk in ’n gesubordineerde verhouding tot die meerdere vergadering. Dit blyk onder andere uit die feit dat die Algemene Sinode se besluite met betrekking tot kerkeenheid *mutatis mutandis* bindend is op die plaaslike kerk.

Met betrekking tot kerkeenheid en/of die sedering van eiendomsreg is die meerdere vergadering by die VGKSA bevoeg om bindende besluite te neem en oor die mindere vergaderinge seggenskap uit te oefen. In die VGKSA se Kerkorde ontbreek bepalinge vir die handelinge van die meerdere vergaderinge in die geval van buitengewone omstandighede en/of bepalinge met betrekking tot die bevoegdheid van die meerdere vergaderinge om bindende besluite oor die eie sake van die plaaslike kerke, wat min of meer het gehele kerkverband raak en byvoorbeeld in geval van weiering om besluite van meerdere vergaderinge te implementeer.

# HOOFSTUK 8

## ’n Sintese tussen *oud kerkrecht* en *nieuwe kerkrecht*

Die finale gevolgtrekking waartoe in hierdie proefskrif gekom word, is dat die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde sendingkerke en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika in ’n spesifieke historiese diskoers oor die kerkreg in beide Suid-Afrika en Nederland ontstaan en/of ontwikkel het. Die Doleansiekerkreg (*oud kerkrecht*) en latere *nieuwe kerkrecht* kan met reg as kritiese instansie gebruik word om die kerkregtelike diskoers in die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika te verstaan. Uit die voorafgaande hoofstukke blyk dit dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk (=NGK) en die onderskeie sendingkerke naamlik Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (=NGSK), Nederduitse Gereformeerde Kerk in Africa (=NGKA), die Reformed Church is Africa (RCA) en latere Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (=VGKSA) prinsipiële kerkregtelike keuses gemaak het wat in lyn was met óf die Doleansiekerkregbeginsels (*oud kerkrecht*) en/óf die *niewe kerkrecht*. In die eenheidsdiskoers tussen die NGSK en die NGKA was egter sonder enige prinsipiële kerkregtelike begronding Doleansiekerkregbeginsels, onder andere die selfstandigheid van die plaaslike kerk, die kerkverband asook die aard van gesag van die meerdere vergadering, ter syde gestel.

Die onderskeie sendingkerke het sedert die stigtingsjare tot en met 1978, met die daarstelling van die eerste kerkorde, gepoog om hul kerkreg en kerkorde op Doleansiekerkregbeginsels te skoei (vergelyk Hoofstukke 2, 4, 5 en 6). Die

sendingkerke het in hul strewe na selfverwesenliking onder andere klem gelê op die selfstandigheid van die plaaslike gemeente, die konfederatiewe karakter van die kerkverband, die tugreg van die plaaslike gemeente asook die prinsipiële onderskeid tussen die Kerkraad en die meerdere vergaderinge. Die sendingkerke gaan van die veronderstelling uit dat die plaaslike gemeente volledig kerk, *ecclecia completa,* en dus in beginsel onafhanklik van ander gemeentes of kerke is.

By die sendingkerke word daar op voetspoor van die *oud kerkrecht* klem gelê dat daar 'n prinsipiële verskil tussen mindere vergaderinge en die meerdere vergaderinge is. Die meerdere vergaderinge van die sendingkerke het slegs beperkte gesag en word daarin beperk om in die geval van afdwaling te doen wat onder die jurisdiksie van die Kerkraad val. Die meerdere vergaderinge van die sendingkerke kan nie haar besluite in die plaaslike gemeente voltrek of die beslissinge van die mindere vergadering nietig verklaar nie.

Die kerkverband in die sendingkerke en latere VGKSA het 'n konfederatiewe karakter en kom tot stand deur die vrywillige aansluiting van die plaaslike gemeentes. Die plaaslike gemeente behou egter haar eie mag en vryheid, maar maak onder erkenning van die gesag van Christus as Heer en in ooreenstemming met die Heilige Skrif en die belydenis onderlinge afsprake met mekaar.

Die sendingkerke het in die stryd om selfverwesenliking daarop klem gelê dat beide die mindere en meerdere vergaderinge die drievoudige mag toekom naamlik, leer-, regeer- en tugmag. Die sendingkerke gaan van die veronderstelling uit dat nóg die

Sinode nóg 'n sinodale kommissie van 'n ander kerk ampsdraers mag afset, sonder dat die Ring en Kerkraad van die sendingkerk daarin geken word. Die uitvoering van 'n afsettingsbevel van alle ampsdraers lê volgens die sendingkerke altyd by die plaaslike gemeente en nooit by die meerdere vergadering as sodanig nie. Ingeval van onmag of skeurmakery van die meerderheid van die kerkraadslede, het die meerdere vergaderinge van die sendingkerke geen reg om die Kerkrade af te set en/of nuwe Kerkraad te kies en dus die gemeente opnuut weer te konstitueer nie.

Sedert die negentigerjare het die onderskeie meerdere vergaderinge van die sendingkerke en latere VGKSA, hulle gaandeweg die gesag toegeëien om, sonder inspraak van die mindere vergadering, ingrypende besluite met betrekking tot kerkeenwording, eiendomsreg en selfs die belydenisgrondslag te maak (vergelyk Hoofstukke 4, 5 en 6). In die kerkregtelike stryd om eenwording word veral die verhouding van die plaaslike gemeente tot die landelike kerk - of omgekeerd: die verhouding van die landelike kerk tot die plaaslike kerk – onder die loep geneem met name in die hofgedinge (vergelyk Hoofstuk 4.5). Die VGKSA Kerkorde bied, soos uit die hofsake blyk, onvoldoende (kerk) juridiese waarborge vir die behoud van die kerklike bates in die geval van kerkskeuring (vergelyk Hoofstuk 7). Die hofuitsprake daarenteen aksentueer die selfstandigheid van die plaaslike gemeente ten koste van die gesag van die meerdere vergaderings en die kerkverband.

Die navorser is van mening dat die kerkregtelike beginsels wat uit beide die Doleansiekerkregbeginsels (*oud kerkrecht*) en die *nieuwe kerkrecht* in die voorafgaande

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hoofstukke onderskei is in die volgende kerkregtelike raamwerk gesinkroniseer kan word naamlik dat:

1. Christus die Hoof van Sy kerk is. Hy is die enigste Wetgewer/ Regsvormer, Gesagdraer en Regshandhawer/Hoof. Hy is die vertrekpunt van die kerkreg en nie die kerklike praktyk of die kerkorde of belydenisskrifte nie. Kerkregering behoort daarom onderwerping aan Christus as die enigste Wetgewer na te streef en te bevorder.
2. Die plaaslike kerk selfstandigheid is. Die plaaslike gemeente is *ecclesia prima,* terwyl die sinodale verbintenis die *ecclesia orta* is. Klem behoort gelê te word op die selfstandigheid van die plaaslike gemeente, dat daar 'n prinsipiële verskil tussen Kerkrade en die meerdere vergaderinge is en dat die Kerkraad 'n vergadering van ampsdraers van die plaaslike gemeente is.
3. Die plaaslike kerk die kerkverband voorafgaan. Vir die wese van die kerk is die kerkverband en die meerdere vergadering nie noodsaaklik nie. Die kerkverband berus op twee grondslae naamlik die goddelike reg en op die vrywillige instemming. Die eenheid van die kerk berus op die grondslag van die wedersydse toestemming van die kerke. Uittrede uit die kerkverband behoort ook moontlik te wees. Die kerkverband bring mee wat deur die kerke afgesproke is en in die kerkorde omskrywe is. Die meerdere vergadering het nie groter regte as wat die kerke binne die kerkverband onderling met mekaar gereël het nie, daarom kan by die meerdere vergadering nie van hoër mag gepraat word nie.
4. Die gesag van die meerdere vergadering op die *jus divinum permissivum berus*, dit wil sê God het aan die kerk die reg toegelaat om Sinodes in te stel. Die

Sinode en Ringe word saamgestel uit afgevaardigdes wat selfstandige mag teenoor die delegerende kerke het. Die Sinode het 'n ontleende, gedelegeerde, sekondêr, tydelike, dienende, mindere, afgeleide, beperkte, laer, helpende, gemeenskaplike en koöperatiewe mag en het vervolgens geen primêre, essensiële, saamgevoegde, gekombineerde verenigde en oorspronklike mag nie. Van kumulatiewe mag is daar geen sprake nie. Alle vorm van hiërargie behoort afgewys te word. Daar is wel sprake van 'n byeenvoeging van mag, maar daar is geen meerdere bevoegdheid of reg nie. Die kerk behoort afwysend teen enige vorm van heerskappy asook teen elke vorm van independentisme te wees. Tussen die meerdere vergadering (Ring, Streeksinode en Algemene Sinode) is daar geen prinsipiële verskil nie. Die meerdere vergadering beslis oor sake wat die kerke in haar ressort gemeenskaplik raak, ingeslote sake van die plaaslike gemeente ingeval van onmag, wanbestuur en hoër beroep.

5. Aan die kerke in korrespondensie of sinodaal gekombineerd die drievoudige mag, naamlik leer-, regeer- en tugmag toe kom. Alle kerklike vergaderinge (Kerkraad, Ring, Streek en Algemene Sinode) is met kerklike mag beklee. Die uitvoering van die afsettingsbevel behoort dus deur die afgevaardigdes van die meerdere vergadering in die plaaslike gemeente uitgevoer te word. Die Sinode kan egter nooit ampsdraers afset nie, sonder dat die Ring en Kerkraad daarin geken word nie. Die uitvoering van 'n afsettingsbevel van 'n ampsdraer lê altyd by die plaaslike gemeente en nooit by die meerdere vergadering as sodanig nie Die Sinode kan egter deur middel van haar afgevaardigdes die gesonde deel van die gemeente byeen roep, die afwykende Kerkraad afset, nuwe Kerkraad kies en dus die gemeente opnuut weer konstitueer. Solank daar 'n gesonde deel van die

gemeente oorbly, behoort die vonnis in die gewone byeenkomplek van die plaaslike gemeente deur die Sinode of Ring se gemagtigde(s) afgekondig te word.

6. Die appèlreg ten opsigte van besluite van meerdere vergaderinge verskans behoort te word. Klem moet gelê word op die beslissende mag van die Sinode om besluite van 'n bindende aard te maak met betrekking tot die leer, lewe, gewetensvrae of hoër beroep met dien verstande dat dit nie in stryd is met die Skrif of die Kerkorde nie. In die geval van hoër beroep behoort die Sinode bevoegd te wees om in die sake van die plaaslike gemeente te beslis, die beslissinge van die mindere vergadering te vernietig en selfs haar beslissing in die plaaslike gemeente tot uitvoering te bring. Daar moet egter gewaak word teen die idee dat die mag van die Sinode groter is as dié van die Kerkraad.
7. Die meerdere vergadering bevoegdheid in die geval van wanbestuur besit: Die meerdere vergadering behoort te beslis oor sake wat die kerke in haar ressort gemeenskaplik raak, ingeslote sake van die plaaslike gemeente ingeval van onmag, wanbestuur en hoër beroep. In die geval van wanbestuur, onmag behoort die meerdere vergadering die reg tot die beoefening van die tugreg (by implikasie skorsing en afsetting van ampsdraers) te hê. Riglyne vir optrede van die kerk in noodsituasies, byvoorbeeld wanbestuur, onmag, en/of ontbreek in die kerkordes van beide die sendingkerke en die VGKSA. Die navorser is van mening dat meerdere vergadering geregtig behoort te wees om in die geval van wanbestuur, onmag, hoër beroep en/of skisma die besluite van 'n mindere vergadering te vernietig en haar besluite te voltrek. Kerkordelik behoort daar dus voorsiening gemaak te word dat Sinodes, in belang van die kerk as geheel, in die geval van wanbestuur of onmag (*casus malae administrationis*) en selfs in geval van die

nie-uitvoering van sinodale besluite, in die sake van die plaaslike gemeente mag ingryp en haar besluite deur haar deputate in samewerking met die gesonde deel van die gemeente, mag implementeer. In die geval van dwaalleer of skeurmakery behoort die Sinode nie die band met sodanige kerk te verbreek nie, maar veel eerder die ampsdraers af te sit. In die geval van wanbestuur en hoër beroep behoort die Sinodes en Ringe ekskommunikasie- en tugreg te het. Die deputate van die meerdere vergadering kan in sodanige geval 'n sinodale ekskommunikasievonnis in die plaaslike gemeente voltrek. Solank daar 'n gesonde deel van die gemeente oorbly, behoort die vonnis in die gewone byeenkomplek van die plaaslike gemeente deur die Sinode of Ring se gemagtigde(s), afgekondig te word. In die geval van wanbestuur kan die kerkverband die getroue deel van sodanige gemeente help met die kies van 'n nuwe Kerkraad. Die gemeente en/of die getroue deel van die gemeente doen die afsetting en nie die meerdere vergadering nie.